

UNIVERSITEIT  
iYUNIVESITHI  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

100  
1918 · 2018

**REKTOR SE BESTUURSVERSLAG  
AAN DIE RAAD**

Maandag 2 Desember 2019

Prof WJS de Villiers,  
Rektor en Visekanselier

## Inhoudsopgawe

INLEIDING.....	4
TEMA 1: 'n FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH.....	5
1.1 Toekennings uit die Strategiese Fonds .....	5
1.2 Die US sê geslagsgebaseerde geweld die stryd aan.....	6
1.3 Konstitutionele Hof lewer uitspraak ten gunste van US Taalbeleid .....	6
1.4 US kry leerstoel in Afrikaanse taalpraktyk .....	7
1.5 Die bevordering van meertaligheid by die US .....	7
1.6 Onafhanklike ondersoek na bewerings van inmenging.....	7
1.7 Ondersoek na navorsingsartikel.....	8
1.8 Institusionele Transformasiekomitee .....	8
1.9 Fakulteitshandves vir Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.....	9
1.10 Geïntegreerde kommunikasieveldtogene .....	9
1.11 Eksterne kommunikasie (US in die nuus).....	10
1.12 Die US op wêreldranglyste .....	11
1.13 Risikobestuur.....	12
1.14 Reputasiebestuursraamwerk .....	12
1.15 Krisiskommunikasie- en mediaopleiding .....	13
1.16 Handelsmerkposisjonering en visuele identiteit.....	13
1.17 Visuele inwerkingstelling van visie en strategiese raamwerk.....	13
1.18 Strategiese bestuursaanwysers .....	14
1.19 Finansiële paneelbord.....	15
1.20 Stelselvernuwing.....	15
1.21 Akademiese bestuursbesluitneming by die US.....	16
1.22 Fondswerwingshoogtepunte .....	16
1.23 Kontantlose betalings in'n kits.....	19
1.24 Universiteitstegnologiefonds .....	19
1.25 Innovus-nuus.....	19
1.26 LaunchLab-nuus .....	20
1.27 Kapitaalprojekte.....	20
1.28 US van plan om Bestuurskool terug te bring Stellenbosch toe .....	22
1.29 Verbeterde Huis ten Bosch heropen in 2021.....	23
1.30 Veiligheid by die US.....	23
1.31 Gesondheid by die US .....	24
1.32 US Museum-uitstellings .....	24
TEMA 2: 'n TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING.....	25
2.1 Studentewerwing.....	25
2.2 Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente (ISFAP) .....	26
2.3 Rektorstoekennings aan studente .....	27
2.4 Aansoektendense.....	28
2.5 Groter studentemobiliteit op die vasteland .....	29
2.6 Matie Gemeenskapsdiens.....	29
2.7 Bevordering van entrepreneurskap in studentgeledere .....	29
2.8 Maties Sport.....	29
TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE .....	30
3.1 Internationaliseringstrategie .....	30
3.2 Die US-handelsmerk word na nuwe internasionale markte uitgebrei .....	31
3.3 Internasionale universiteitsalliansie oor klimaat hou nagraadse seminaar .....	31
3.4 US nou lid van gesogte wêreldwye universiteitskonsortium.....	31
3.5 Minister ontvang SASUF-verklaring oor hoëonderwysvennootskappe .....	32
3.6 Bilaterale ooreenkomste.....	32

3.7	Skakeling met internasionale vennote.....	33
3.8	Klem op Afrika.....	34
3.9	Besoekende afvaardigings .....	35
3.10	Besoek aan China en Duitsland .....	36
3.11	Internasionale onderwyskonferensie .....	37
3.12	Internasionalisering van PhD-studies.....	37
3.13	Eerste Nasionale Hoëronderwyskonferensie.....	37
3.14	In gesprek met die Dalai Lama .....	38
3.15	Alumni skakeling .....	38
3.16	Stellenbosch Netwerk bekendgestel.....	40
3.17	Uitreik na Swellendam .....	40
3.18	Sosiale Impak-simposium.....	41
3.19	Transformasie Indaba .....	42
3.20	Woordfees, WOW en US Koor .....	42
3.21	Sentrum vir Sportleierskap-simposium.....	42
3.22	Strategiese belanghebbendeskakeling rondom nasionale dae en temas .....	43
3.23	Gesondheidsvennotskappe.....	43
<b>TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER.....</b>		<b>43</b>
4.1	Akademieskap van Onderrig en Leer-konferensie.....	44
4.2	Samewerkende aanlyn internasionale leer.....	44
4.3	Nagraadse vaardighede verder versterk.....	44
4.4	HealthyUS-kursus.....	44
4.5	Werksessies oor ras en rassisme .....	45
4.6	US-tegnothon .....	45
4.7	Afrigterswerksessie .....	45
4.8	Opleiding vir gemeenskapsleiers .....	45
<b>TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK .....</b>		<b>45</b>
5.1	NNS-graderings .....	46
5.2	Groot toelaag sal US beter behandeling vir kinders met MDR-TB help ontwikkel .....	46
5.3	Bemarking van US-navorsing .....	47
5.4	Navorsingsinligtingsbundels .....	47
5.5	Navorsingsindaba.....	47
<b>TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER.....</b>		<b>48</b>
6.1	US-opname oor welwees, kultuur en werksklimaat 2019 .....	48
6.2	Kode vir Bestuurspraktyke .....	49
6.3	nGAP by die US.....	49
6.4	Program vir internasionale mobiliteit van personeellede .....	49
6.5	Erkenning vir US-personeellede.....	50
6.6	Kanselierstoekennings vir 2019 .....	51
<b>SLOT .....</b>		<b>51</b>
<b>BYLAE: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE .....</b>		<b>52</b>
<b>MEDEWERKERS .....</b>		<b>57</b>

## INLEIDING

Welkom by die **laaste Raadsvergadering vir 2019**. Dit was nóg 'n suksesvolle en gebeurtenisvolle jaar vir ons Universiteit. Ons het sedert ons vorige vergadering 'n hele aantal hoogtepunte, geleenhede en uitdagings beleef.

Ons het onlangs die eerste volledige siklus van die nuwe **Strategiese Fonds**-proses ingevolge die gewysigde Reglement vir die Strategiese Fonds voltooi, 'n duidelike teken van ons vasberadenheid om die US se nuwe visie en strategie te verwesenlik. Befondsing is toegeken vir projekte ter ondersteuning van strategiese posisionering, navorsings vir impak, hibriedeleerstrategie en IKT, die ontwikkeling en belyning van interne stelsels, infrastruktuurvernuwing and kapasiteitsbou. Dit help ons vir die toekoms voorberei. (Sien 1.1 hieronder.)

Een van die bepalende oomblikke van hierdie verslagtydperk was die landwye protes teen **geslagsgebaseerde geweld**, wat ook die US geraak het. Ons veroordeel geslagsgebaseerde geweld en sal dit nie duld nie, en daaromwerp ons alle beskikbare hulpbronne in die stryd om dit uit te roei. Die Rektoraat spreek sy waardering uit vir die werk deur die Beweging teen Geslagsgebaseerde US om nie net kwessies en griewe te lug nie, maar ook opbouende voorstelle aan die hand te doen. Ons is daartoe verbind om met ons studente en personeelde saam te werk om ons institusionele pogings teen geslagsgebaseerde geweld te versterk. Gesamentlike werkgroepe word tans vir dié doel op die been gebring. (Sien 1.2 hieronder.)

Op 'n ander noot bedank ek graag weer die Raad wat my eenparig vir 'n **tweede termyn** van vyf jaar as Rektor en Visekanselier van die US aangestel het ([klik hier](#) vir meer inligting). Dankie ook aan lede van die Senaat vir hul bydrae tot die proses. Dit is 'n groot eer, wat ek met ootmoed aanvaar.

Ek verwelkom ook die verkiesing van die US se 15de **Kanselier, regter Edwin Cameron** – akademikus, regsgelerde, outeur en onlangs afgetrede regter van die Konstitusionele Hof. Hy is 'n toonbeeld van die US se waardes, en ek sien uit na sy bydrae tot sy alma mater ([klik hier](#) vir besonderhede).

Boonop is ek ingenome met die Konstitusionele Hof se eenparige beslissing op 10 Oktober dat die US se **2016 Taalbeleid** "grondwetlik geregtig" is en dat die proses wat ons gevolg het om dit te aanvaar deeglik, omvattend, inklusief en behoorlik raadplegend was. (Sien 1.3 hieronder.)

Ná hierdie positiewe uitslag, myns insiens, het 'n US-alumnus die Raad via die Registrateur versoek om 'n ondersoek van stapel te stuur op grond van bewerings dat ek met die hofsaak probeer inmeng het. Die Uitvoerende Komitee van die Raad (UK(R)) het gevolglik 'n afgetrede regter aangestel om hierdie klage **onafhanklik te ondersoek**. Ek verwelkom die ondersoek en benadruk dat ek nie by die regsproses ingemeng het nie, en dat ek tevrede is dat ek te goeder trou opgetree het en die benoeming en verkiesing van ons aangewese Kanselier volgens die voorgeskrewe proses verloop het. (Sien 1.6 hieronder.)

Soos gewoonlik ontvang 'n lid van die Rektoraat die geleenheid om 'n omvattende jaarverslag aan die Senaat voor te lê. Hierdie keer is **prof Arnold Schoonwinkel**, Viserektor: Leer en Onderrig, aan die beurt. My verslag lig dus slegs 'n paar ontwikkelings in sy verantwoordelikheidsentrum uit. Raadpleeg gerus sy verslag vir vollediger inligting. Eweneens bied ek nie in hierdie verslag terugvoering oor die US se begroting vir 2020 nie, want die Bedryfshoof, **prof Stan du Plessis**, sal 'n aparte gesprek in dié verband lei.

Hierdie verslag handel oor die tydperk **8 Augustus tot 7 November 2019**, tensy daar anders aangedui word. Ek en my medebestuurslede verwelkom hierdie geleenheid om met kollegas in die Raad in gesprek te tree.

## TEMA 1: 'n FLORENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) (klik op skakel vir volledige dokument) lui soos volg oor hierdie kern strategiese tema: "Om die US 'n **floreerde organisasie** te maak, beoog ons 'n **lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare** universiteit (met 'floreerend' wat omskryf word as 'om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy'). Die US erken die groot uitdagings verbonde daaraan om 'n florenende universiteit te word. Ons besef dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaklik maak".

### 1.1 Toekennings uit die Strategiese Fonds

Die eerste volledige siklus van die nuwe Strategiese Fonds-proses ingevolge die gewysigde Reglement vir die Strategiese Fonds is suksesvol voltooi. Die Universiteit het **R339 miljoen** in die Strategiese Fonds belê, die grootste bedrag van sy soort ooit, wat 'n duidelike teken is van die instelling se vasberadenheid om sy nuwe visie en strategie te verwesenlik. Die belegging bestaan uit:

- geld uit die oorblywende omgewingsaldo's (bo 10%) van 2018 (R43 miljoen);
- die oorblywende bedrag in die Strategiese Fonds op 1 Januarie 2019, met inbegrip van surpluses uit Raadstoekennings van 2018 en die onverdeelde fondse in die institusionele komponent van die begroting vir 2019 (R176 miljoen); en
- 'n jaarlike toekenning uit die hoofbegroting vir 2019 en 2020 (R120 miljoen).

Van die R339 miljoen is R45 miljoen opsygesit vir aansoeke in kategorie C (**strategiese aanstellings**), R30 miljoen vir aansoeke in kategorie B (**strategiese uitstyg- en openbaremeningsprojekte**) en die res vir aansoeke in kategorie A (**strategiese inisiatiewe**).

By sy vergadering op 31 Oktober het die Strategiese Fonds-komitee kategorie A-projekte oorweeg wat tot rondte 2 deurgedring het. Finansiering is soos volg toegeken:

- Projekte ter ondersteuning van die hibriedeleerstrategie en IKT: R77,3 miljoen
- Projekte ter ondersteuning van navorsing vir impak: R21,7 miljoen (dit sluit die R30 miljoen in kategorie B, die R21,3 miljoen toegeken vir personeel in kategorie C, en die R12,2 miljoen gereserveer vir personeel in kategorie C uit)
- Die herontwikkeling, bou en versoening van interne stelsels: R76,9 miljoen
- Projekte ter ondersteuning van strategiese posisionering (wat insluit die bou van 'n waardegedrewe kultuur, voortgesette implementering, monitering en evaluering van ons visie en strategie, die ontwikkeling van 'n oorhoofse handelsmerkposisioneringstrategie, die herontwikkeling van die korporatiewe webtuiste, die versterking van openbare betrekkinge en kommunikasie, en die ondersteuning van visuele regstelling): R66,4 miljoen
- Strategiese infrastruktuurvernuwing: R23,6 miljoen
- Vermoëbouprojekte: R4,8 miljoen

Een kategorie B-projek is vir oorweging in rondte 2 goedgekeur, naamlik die volledige oprigting van 'n Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke. Hierdie aansoek, sowel as drie strategiese personeelaansoeke, sal deur 'n eksterne paneel beoordeel word en die uitslag word voor die einde van 2019 verwag.

In kategorie C is 24 aansoeke ontvang en gedurende die twee rondtes oorweeg. Tien daarvan het finansiering ontvang, en geld is ook opsygesit vir 'n verdere drie aansoeke wat in die konteks van kategorie B oorweeg sal word. Van die beskikbare R45 miljoen is R21,3 miljoen aan akademiese omgewings en R5,4 miljoen aan PASD- (professionele administratiewe steundienste-)omgewings toegeken. 'n Verdere R12,2 miljoen is vir akademiese omgewings opsygesit in afwagting van die besluit oor kategorie B.

## 1.2 Die US sê geslagsgebaseerde geweld die stryd aan

Rektoraatslede op ons Stellenboschkampus het op 6 September 'n massavergadering bygewoon en op 9 September 'n memorandum van studente in ontvang geneem, waarop die bestuur op 18 September uitvoerig geantwoord het. 'n Aantal vergaderings het hierná tussen lede van die Rektoraat, die Beweging teen Geslagsgebaseerde Geweld US, die Studenteraad (SR), die Tygerbergstudenteraad (TSR) en die Primkomitee plaasgevind. Op 8 Oktober is daar besluit om ses **gesamentlike werkgroepe** te skep om geslagsgebaseerde geweld by die US te bestry, wat onderskeidelik sal konsentreer op:

- waardes en beginsels;
- veiligheid en sekuriteit;
- opleiding en bewusmaking;
- koshuise en strukture;
- procedures en prosesse; en
- geestesgesondheid, en alkohol- en middelmisbruik.

'n Volledige opdrag is onder leiding van die oorhoofse projekleier, **dr Choice Makhetha**, die senior direkteur van Studentesake, opgestel. Elke werkgroep sal 'n lid van die Rektoraat as toesighouer hê en verteenwoordigers van tersaaklike Universiteitstrukture en die studentegemeenskap insluit. Sowel formele as ad hoc-strukture is gevra om lede te benoem. Die meeste van die werk sal na verwagting in die eerste kwartaal van aanstaande jaar geskied en op 'n gesamentlike aksieplan uitloop wat algemene steun deur die hele Universiteit sal geniet.

## 1.3 Konstitutionele Hof lewer uitspraak ten gunste van US Taalbeleid

In die hofgeding teen die US se Taalbeleid wat deur Gelyke Kanse en andere aanhangig gemaak is, is die aansoek om verlof tot appèl na die Konstitutionele Hof (nadat die Wes-Kaapse hooggereghof vroeër ten gunste van die US beslis het) op 8 Augustus aangehoor.

Op 10 Oktober het die Konstitutionele Hof eenparig ten gunste van die US beslis deur Gelyke Kanse se aansoek teen ons 2016 Taalbeleid te verwerp. Die uitspraak stel dit duidelik dat ons Taalbeleid "**grondwetlik geregverdig**" is. Dit bevestig ook die doel van die Taalbeleid: om toegang en meertaligheid by die Universiteit te bevorder, en die akademiese en beroepsukses van studente en personeel te ondersteun. Daarbenewens het die hof bevind dat die proses wat die Universiteit gevolg het om die Taalbeleid te aanvaar deeglik, omvattend en inklusief was, en dat behoorlike oorlegpleging plaasgevind het.

Die Universiteit het kennis geneem van die hof se verwysing na die beskerming van minderheidstale. Benewens die gebruik van Engels, is die US ook verbind tot die gebruik van Afrikaans en Xhosa. Dít is die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, synde die tuisprovincie van die meeste voorgraadse studente aan die US.

Boonop het die hof bevind dat die Taalbeleid nie daarop uit is om Afrikaans enigsins uit te skakel nie. Ingevolge die beleid bly ons verbind tot die gebruik van Afrikaans – tesame met Engels – as onderrigtaal teen die agtergrond van **inklusiwiteit en meertaligheid**. Trouens, dit is die US se ervaring dat die implementering van die Taalbeleid juis in die behoefté aan meertaligheid voorsien, ook wat Afrikaans se besondere plek in onderrig, administrasie en die leefomgewing aan die US betref.

Besoek [www.sun.ac.za/taal](http://www.sun.ac.za/taal) vir meer inligting oor die US Taalbeleid. Klik [hier](#) vir die volledige uitspraak van die Konstitutionele Hof (saak CCT 311/17), en [hier](#) vir die amptelike opsomming. Ek ([klik hier](#)), prof [Jonathan Jansen](#) en prof [Michael le Cordeur](#) het ook elk 'n meningsartikel oor die hofbeslissing geskryf.

## 1.4 US kry leerstoel in Afrikaanse taalpraktyk

'n Leerstoel in Afrikaanse taalpraktyk word tans by die US tot stand gebring danksy 'n borgskap deur die egpaar **Ton Vosloo en Anet Pienaar-Vosloo**, wat reeds 'n geruime tyd gewaardeerde US-skenkers is. Prof Ilse Feinauer van die Departement Afrikaans en Nederlands in die US se Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe is as bekleer van die leerstoel aangewys.

Die borgskap dek ook beurse vir verdienstelike US-studente wat Afrikaans op nagraadsevlak studeer. Beurse is reeds met die oog op 2020 aan vier honneursstudente, drie magisterstudente, twee PhD-studente en een nadoktorale genoot in Afrikaans en Nederlands toegeken.

Tot en met sy aftrede in 2015 was Ton Vosloo 59 jaar lank in die bedryf as joernalis, redakteur, uitvoerende hoof en voorsitter van Naspers. Hy dien die afgelope drie jaar as professor in Joernalistiek aan die US. Pienaar-Vosloo, ook 'n oudjoernalis, is 'n US-alumna wat in die kunste studeer het en welbekend is vir haar rol as medestigter en direkteur van verskeie kunstefeste.

Die skenking sal **Afrikaans** nie alleen as **onderrigtaal** help handhaaf nie, maar dit ook as **wetenskap- en beroepstaal** in 'n **meertalige gemeenskap** bevorder. So ver ons weet, is dit die eerste en enigste geborgde leerstoel in Afrikaanse taalpraktyk by enige universiteit.

## 1.5 Die bevordering van meertaligheid by die US

Die **US se Taalleernaaf**, wat in 2018 bekend gestel is, ondersteun individuele studente om meertalig te word, en help bevorder kulturele diversiteit. Hulle Afrikaans- en Xhosa-oorlewingstaalkursusse dien as 'n platform vir studente uit verskillende omstandighede en kulture om mekaar deur taalverwerwing beter te leer ken. Die fasilitet se aanbod sluit ook pasgemaakte taalkursusse en -werksessies vir eksterne kliënte, 'n gespreksgenoootprogram sowel as boek- en filmklubs in.

Die oorhoofse **US Taalsentrum**, waarin die naaf geleë is, gaan ook voort met sý kernopdrag, naamlik om meertaligheid te bevorder. Hulle dienste sluit in ondersteuning met taalverwerwing en -ontwikkeling, akademiese geletterdheid en professionele kommunikasie. Daarbenewens voorsien die Sentrum vertaal-, redigeer-, dokumentontwerp- en tolkdienste aan 'n toenemende kliëntebasis van binne sowel as buite die Universiteit. Onlangse opwindende Taalsentrum-inisiatiewe was 'n proefprojek in opvoedkundige tolking in Xhosa vir die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, en die bekendstelling van tolking in Suid-Afrikaanse Gebaretaal vir dowe studente in die program BED Grondslagfase in die Fakulteit Opvoedkunde.

Hierdie en ander inisiatiewe het die US as 'n belangrike speler op taalgebied gevestig. Dít is onlangs onderstreep toe ons van 9 tot 13 September as gasheer opgetree het vir die Europese Vereniging vir Vertaalstudie (EST) se negende **vertaal- en tolkstudiekongres**. Die geleenthed met die tema "Lewende vertaling: Mense, prosesse, produkte" was die eerste EST-byeenkoms wat buite Europa aangebied is. Nagenoeg 260 afgevaardigdes van 46 lande het die kongres bygewoon.

## 1.6 Onafhanklike ondersoek na bewerings van inmenging

Mnr George Steyn, die Raadsvoorsitter, het op 31 Oktober 2019 aangekondig dat die Uitvoerende Komitee van die Raad (UK(R)) 'n resolusie aanvaar het om 'n afgetreden regter aan te stel om 'n klage wat teen my ingedien is onafhanklik te ondersoek.

In 'n brief van 24 Oktober het dr Leon Schreiber in sy hoedanigheid as US-alumnus die Raad via die Registrateur versoek om 'n ondersoek van stapel te stuur op grond van bewerings dat ek by die **onlangse Taalbeleid-hofsaak** probeer inmeng het deur **regter Edwin Cameron** te probeer oorreed om die Kanseliersamp te aanvaar. Dít volg ná die Konstitusionele Hof se eenparige beslissing op 10 Oktober ten gunste van die Universiteit en sy Taalbeleid van 2016, en teen Gelyke Kanse se aansoek om die US te dwing om na die Taalbeleid van 2014 terug te keer.

In mnr Steyn se aankondiging het hy bevestig dat die UK(R) ter wille van goeie oorsigbestuur en deursigtigheid besluit het om 'n ondersoek van stapel te stuur. **Afgetrede regter Burton Fourie** is vir

dié doel aangestel. Hy was voor sy aftrede in 2017 'n jare lange en gerespekteerde lid van die Wes-Kaapse hooggereghof en 'n waarnemende lid van die Hoogste Hof van Appèl. 'n Skriftelike verslag met die bevindinge van die ondersoek sal na verwagting by die komende geskeduleerde vergadering van die **Raad op 2 Desember** ter tafel gelê en bespreek word.

In my reaksie het ek die **ondersoek verwelkom**. Ek het ook herbevestig wat ek vroeër aan die media gesê het: Ek het nie met die regssproses ingemeng nie, en is tevreden dat ek te goeder trou opgetree het en dat die benoeming en verkiesing van ons nuwe Kanselier na behore verloop het. Die Universiteit sal verder oor hierdie saak kommunikeer sodra die Raad die aanbevelings uit die ondersoek bespreek het.

## 1.7 Ondersoek na navorsingsartikel

Nadat die publikasie van 'n [artikel oor ras en kognisie](#) deur US-navorsers in Mei vanjaar groot omstredenheid veroorsaak het, het die Universiteit onderneem om interne en eksterne belanghebbendes op hoogte te hou van die institusionele proses om die saak te hanteer.

Daarom is 'n [vorderingsverslag](#) in September op die US-webtuiste geplaas waarin die Universiteit aankondig dat twee Senaatskomitees – die Navorsingskomitee en die Navorsingsetiekomitee – aanbeveel het dat die instelling by die Senaatsvergadering van 22 November die **Internasionale Kode vir Navorsing** in Hulpbronarm Omgewings ([www.globalcodeofconduct.org](http://www.globalcodeofconduct.org)) amptelik aanvaar.

Die Navorsingskomitee het ook aanbeveel dat die instelling 'n proses skep sodat alle **US-projekte vir sosiale impak** aan etiekbeoordeling onderwerp word. Die tema van etiekriglyne vir sosiale impak is gevvolglik op 6 September by die jaarlikse Sosiale Impak-simposium bespreek, wat ook waardevolle kommentaar van rolspelers uit die burgerlike samelewing ontlok het. 'n Taakgroep is sedertdien versoek om 'n formele stel etiekriglyne vir sosiale-impakprojekte op te stel.

Intussen sou die **ondersoek** na verskeie aspekte van die gepubliseerde artikel teen die einde van September afgehandel gewees het, maar die formele ondersoekkomitee het weens onvoorsiene vertragings vir uitstel tot die einde van November gevra. Aangesien dit belangrik was uit 'n reputasieoogpunt, het die US 'n [verklaring](#) oor die vertraging uitgereik, wat in nuus@stellenboschuni van 11 Oktober verskyn het en ook aan die eksterne media gestuur is.

## 1.8 Institusionele Transformasiekomitee

Die Institusionele Transformasiekomitee (ITK) het op 12 September byeengekom vir 'n spesiale vergadering om die memorandum teen geslagsgebaseerde geweld te bespreek, en toe weer op 27 September vir hulle geskeduleerde vergadering. Hulle het ook gedurende die verslagtydperk drie keer met die Rektoraat vergader. Gereelde ontmoetings met die Rektoraat sal voortduur om tersaaklike aangeleenthede te bespreek en uitvoerige verslae ter tafel te lê.

Die Rektoraat het op 17 September 'n **nuwe opdrag vir die ITK** goedgekeur. Die ITK bevorder *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*, die US se Transformasieplan sowel as die implementering van die transformasievereistes wat in fakulteite en verantwoordelikhedsentrums se omgewingsplanne verwoord word.

Die ITK staan die transformasiekomitees van die verskillende fakulteite en verantwoordelikhedsentrums (VS'e) by om die Transformasieplan te benut as 'n instrument om transformasieprosesse by die Universiteit te beplan, te rig, te koördineer en te bevorder. Daarbenewens moniteer en doen dit (intern) verslag oor vordering met transformasiemikpunte. Die ITK dien ook as 'n adviesliggaam vir die Rektoraat, die Transformasieportefeuille, die Institusionele Forum (IF), die Aanstellingskomitee van die Senaat, fakulteite, VS'e en ander omgewings.

Die komitee bestaan uit verteenwoordigers van elk van die fakulteite en VS'e, die Studenteraad (SR), die Institusionele Transformasiekomitee vir Studente sowel as die IF. Ex officio-lede van die ITK is:

- die Viserekotor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel (as voorsitter);

- die senior direkteur van Sosiale Impak en Transformasie;
- die hoof van die Transformasiekantoor;
- die direkteur van Diensbillikheid; en
- die hoof van die Eenheid vir Gelykwaardigheid.

Enige vakatures in die komitee word deur die onderskeie omgewings gevul. Ander lede van die Rektoraat, dekane en ander senior bestuurders sowel as ander verteenwoordigende liggeme kan na gelang van behoefte na ITK-vergaderings genooi word.

## 1.9 Fakulteitshandves vir Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) het op 15 Oktober sy Fakulteitshandves bekend gestel – ’n eerste vir ’n US-fakulteit ([klik hier om dit te lees](#)). Die FGGW-handves, wat langer as 18 maande geduur het om te voltooi, is ’n onderneming deur FGGW-personeel en -studente om in elke oopsig van hulle daaglikse interaksies ’n inklusiewe, regverdige en vriendelike omgewing te skep. Dit dien as ’n **rigsnoer vir gedrag** en ’n instrument om almal vir hulle optrede **verantwoordbaar** te help hou.

Die dokument is saamgestel onder die beskerming van die Dekaan se advieskomitee oor transformasie, wat in 2016 geskep is. Die kunswerk op die voorblad, wat uit “talle hande in ’n hand” bestaan, simboliseer verbondenheid en samewerking.

Uit ’n institutionele oogpunt versterk die FGGW-handves die streef wat in die US se *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* verwoord word om ’n getransformeerde en geïntegreerde akademiese gemeenskap te wees wat kritiese denke vier, gesprek bevorder en tot demokrasie, menseregte en maatskaplike geregtigheid verbind is.

## 1.10 Geïntegreerde kommunikasieveldtogte

Ons Afdeling Korporatiewe Kommunikasie het in Augustus en September ’n kommunikasieveldtog in werking gestel ter ondersteuning van die projek vir **visuele regstelling** van die Afdeling Sosiale Impak en die Transformasiekantoor. Die doel was om die gemeenskap en belanghebbendes van die US oor die jongste projekontwikkelings in te lig, en die Universiteit se toewyding aan transformasie en regstelling te ondersteep. Twee kort video’s is gemaak: een met ’n [orsig](#) van die proses van visuele regstelling, en ’n ander oor die nuwe kunsinstallasie [Die Kring](#) op die Rooiplein, wat 11 Suid-Afrikaanse vroue uitbeeld. Die twee video’s is op sosialemediaplatforms geplaas, waar dit gesamentlik ’n reikwydte van 39 481 behaal en 6 287 keer gekyk is.

In ’n tweede element van die veldtog is ’n fotoverhaal in die alumnipublikasie *Matieland* geplaas, waarvan die digitale weergawe ’n lesertal van 90 000 alumni en skenkers wêreldwyd het. Die veldtog het ook ’n wye teenwoordigheid op sosiale media gehad, wat tot ’n reikwydte van 231 424 en ’n skakelsyfer van 17 000 gelei het.

Die laaste element was twee artikels wat op die US-webtuiste en in die digitale personeelnuusbrief verskyn het. Die webartikels het 964 trefslae gehad, terwyl die nuusbrief lees- en kliksyfers van onderskeidelik 31,5% en 5,7% behaal het – in albei gevalle veel hoër as die bedryfstandaard.

Die veldtog **#nolimitSU** is aanvanklik in 2018 van stapel gestuur om die Eenheid vir Gestremdhede te help bewustheid wek van die hersiene Beleid oor Gestremheidstoegang. Die veldtog is vanjaar aangepas om te toon hoe die US ’n inklusiewe omgewing vir die Universiteitsgemeenskap skep. ’n [Kort video](#) is oor die praktiese implementering van die US se gestremdheidsbeleid gemaak. Dit is op



Die voorblad van die FGGW-handves.

verskeie sosialemediakanale geplaas, waar dit 'n reikwydte van 30 383 en 'n skakelsyfer van 3 522 behaal het en 9 411 keer gekyk is.

**Interne kommunikasie:** Agt uitgawes van info@stellenboschuni en nuus@stellenboschuni is sedert die vorige verslagtydperk volgens voorkeurtaal onder personeelde versprei. Die leessyfer vir die Afrikaanse en Engelse uitgawes van hierdie interne publikasies was gemiddeld 36%, wat aansienlik hoër is as die bedryfstandaard van 24%. Die gemiddelde kliksyfer was 7% – ook veel hoër as die bedryf se 2%.

## 1.11 Eksterne kommunikasie (US in die nuus)

Hierdie afdeling handel oor die tydperk **2 September tot 11 November 2019**.

**Algemene nuusdekking:** Die US het in sowel September as Oktober die tweede meeste nuusbrokkies in die datastel van die mediamoniteringsagentskap PEAR aangeteken.

Die volgende artikels en persverklarings van 'n institusionele aard het in die verslagtydperk **positiewe mediadekking** ontvang:

- [Vosloo-egpaar belê in US-leerstoel in Afrikaanse Taalpraktyk: \(Eikestadnuus, bizcommunity.com, RadioTygerberg, Die Burger, LitNet\)](#)
- [US beplan om Bestuurskool terug te bring na Stellenbosch: \(Fin24, iono.fm, m.fin24.com, Tygerburger Brackenfell, Tygerburger Bellville, Eikestadnuus, Tygerburger TygerValley\)](#)
- [Edwin Cameron nuwe Kanselier van die Universiteit Stellenbosch: \(HeartFM, HotFM, Radio702, Radio Helderberg, RSG, CCFM, Radio Pretoria, Good HopeFM, 5-FM, Radio2000, LotusFM, Daily Dispatch, The Herald, Cape Argus, Cape Times, Die Burger, Eikestadnuus, SAFM, eTV Open News, News24, The Citizen, EWN, IOL, TimesLIVE, Sowetan Live en Rapport\)](#)
- [Prof Wim de Villiers heraangestell as Rektor en Visekanselier van die US: \(Die Burger, Bolander en MatieMedia\)](#)
- [Ondersoek na navorsingsartikel oor kognitiewe funksionering in November 2019 voltooi: \(Cape Argus, The Star en Die Burger\)](#)
- [Universiteit Stellenbosch ontvang gendertoelaag van Meghan Markle: \(SABC, Sunday Independent, Beeld en Weekend Argus\)](#)
- [US-studente en gevangenes studeer saam as deel van Ubuntu-projek: \(Cape Argus, Cape Times, Die Burger, Eikestadnuus, TimesLIVE, Cape Talk, Radio 702, e-News, Umhlobi Wenene en Ukhozi FM\)](#)

Een van die grootste geleenthede uit 'n mediaoogpunt was die bekendmaking van die [Konstitusionele Hof se uitspraak ten gunste van die US se Taalbeleid](#). Dit het honderde mediaberigte tot gevolg gehad, waaronder die volgende: [Cape Argus](#), [Die Burger](#) ([artikel 1](#), [artikel 2](#), [artikel 3](#), [artikel 4](#)), [RSG](#) ([insetsel 1](#), [insetsel 2](#), [insetsel 3](#)), [SAFM](#) ([insetsel 1](#) en [insetsel 2](#)), [EWN](#) ([insetsel 1](#) en [insetsel 2](#)), [e-News](#) ([insetsel 1](#) en [insetsel 2](#)), [Heart FM](#) ([insetsel 1](#), [insetsel 2](#) en [insetsel 3](#)), [SABC2](#), [The Mercury](#), [Pretoria News](#), [Radio 702](#), [News24](#), [Beeld](#), [LitNet](#), [Daily Maverick](#), [Mail & Guardian](#), [SABC News](#) en [5FM](#).

Aan die **negatiewe** kant het bewerings dat prof Wim de Villiers by regsprosesse probeer inmeng het deur regter Edwin Cameron te oorreed om die amp van Kanselier te aanvaar tot 'n aantal mediaberigte gelei. Klik hier vir die [Universiteit se verklaring](#). Van die nuusmedia wat oor die aangeleentheid berig het, was [Beeld](#), [Maroela Media](#), [Cape Argus](#), [Rapport](#), [News24](#), [Eikestadnuus](#), [UJFM](#), [SmileFM](#), [IOL](#), [ctlive.info](#), [Daily News](#), [www.politicsweb.co.za](#), [www.universityworldnews.com](#), [Volksblad](#), [Die Burger](#) en [Beeld](#).

Ter wille van deursigtigheid kommunikeer die Universiteit gereeld oor die [ondersoek na die navorsingsartikel oor kognitiewe funksionering](#). Beriggewing oor vordering met die aangeleentheid het onder meer verskyn in [Cape Times](#), op [yiba.co.za](#) en [IOL](#).

Die US het in sowel September as Oktober die **meeste navorsingsartikels** opgelewer. Trouens, die Universiteit het in September én Oktober met meer as dubbel die getal brokkies van sy naaste mededinger gespog. Wat reikwydte – getal lesers of luisteraars – betref, is daar nietemin nog ruimte vir verbetering.

Die persverklaring [Matie se bekroonde eetbare strooitjies help die omgewing](#) is [een van die gewildste nuusstories](#) van die jaar. Dit was onder meer in/op [The Star](#), [Cape Argus](#), [Cape Times](#), [Pretoria News](#), [Radio 702](#), [News24](#), [Research Channel](#), [IOL](#), Cape Talk ([insetsel 1](#) en [insetsel 2](#)), [RSG](#), [Smile FM](#), [Beeld](#), [Die Burger](#), [Eikestadnuus](#) en [Engineering News](#).

Die volgende **navorsingsartikels** het ook goed gevaar in die media:

- [Uitgestorwe spesie na 200 jaar in Winterhoekberge herontdek](#): ([IOL](#), [www.safrica24.com](#), [phys.org](#), [www.businessinsider.co.za](#), [Swartland Gazette](#))
- [Bewaring van Suid-Afrikaanse natuurlewe sal in volgende dekade 'n spanpoging kort](#): ([Cape Times](#))
- [Veilige sagteware- en regstelsels nodig vir kubersekuriteit](#): ([Cape Argus](#) vroeë uitgawe, [Cape Argus](#) laat uitgawe, [Tygerburger](#), [The Mercury](#), [The Citizen](#), [IOL](#), [www.safrica24.com](#))
- [Navorsingsnetwerke kan BRICS-lande help om indringerspesies te beveg](#): ([gosouth.co.za](#), [www.johannesburgnews.net](#), [www.southafricanews.net](#), [www.eurekalert.org](#), [phys.org](#))
- [Wat hou klimaatsverandering vir Afrika se skoenlappers en motte in?](#): ([Cape Argus](#), [Daily News](#), [The Witness](#), [RSG](#), [Republikein](#))
- [Verskeie faktore lei tot kindermoorde in Wes-Kaap](#): ([TimesLIVE](#), [SmileFM](#))

Akademiese personeellede gaan voort om die US se navorsing vir buitegehore toeganklik te maak deur denkleierskapsartikels vir **The Conversation** te skryf. Altesaam 13 US-bydraers het gedurende die verslagtydperk 13 artikels geplaas wat in die geheel meer as 262 000 keer gelees is. Van die lesers was 43% in Suid-Afrika en 23% in die Verenigde State. Ten tyde van die skryf van hierdie verslag sou The Conversation op 21 November sy vierde werksessie by die US aanbied.

**Meningsartikels, hoofartikels en rubriek**: US-personeellede en -studente het die afgelope tyd weer 'n groot aantal items in hierdie kategorie opgelewer (sien BYLAE).

**US-kenners**: Die mediakantoor in die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie het die media op Wêreldvoedseldag van 'n kennerslys voorsien.

## 1.12 Die US op wêreldranglyste

In die **Times Higher Education-wêreldranglys volgens vakgebied vir 2020**, wat op 6 November uitgereik is, het die US besonder goed gevaar in Opvoedkunde, Bestuur & Ekonomie, en Sosiale Wetenskappe. Ons beklee die volgende plekke:

- Opvoedkunde (wat prestasie in opvoedkunde, onderwysersopleiding en akademiese studie in opvoedkundevakte meet) – kategorie 176-200 uit 477 universiteite
- Sosiale Wetenskappe (wat prestasie in die vakke kommunikasiekunde en mediastudie, politiek en internasionale studie, sosiologie en geografie meet) – kategorie 301-400 uit 720 universiteite
- Bestuur & Ekonomie (wat prestasie in rekeningkunde en finansies, bestuur- en bedryfswetenskappe, en ekonomiese en ekonometriese vakke meet) – kategorie 401-500 uit 632 universiteite

Daarbenewens het die Informatika-instituut in dieselfde week sy **Universele Ranglys van Akademiese Prestasie (URAP) volgens vak** gepubliseer. ([Klik hier](#) vir 'n nuusberig.) Dit lys die wêreld se voorste 1 000 universiteite op 61 vakgebiede. Die US beklee die tweede plek in Suid-Afrika, met 23 van ons vakke wat as van die beste ter wêreld beskou word: Geskiedenis, Dierkunde, Filosofie, Voedselingenieurswese, Landbou, Biologiese Wetenskappe, Taalkunde, Kommunikasie en Kultuur,

Sielkunde, Onderwys, Ekonomie, Studies in die Menslike Samelewing, Mediese en Gesondheidswetenskappe, Sielkunde en Kognitiewe Wetenskappe, Geologie, Aardwetenskappe, Molekulêre Biologie en Genetika, Farmakologie, Ingenieurswese, Wiskundige Wetenskappe, Tegnologie, Inligting- en Rekenaarwetenskappe, Chemiese Wetenskappe, en Fisiese Wetenskappe. Die Universiteit van Kaapstad is eerste met 30 vakke, gevolg deur Wits en die universiteite van KwaZulu-Natal en Pretoria gesamentlik in die derde plek met 22 vakke.

### 1.13 Risikobestuur

Die US evalueer alle risiko's in die risikoregister deur 'n multibeoordelingsproses. Die eerste beoordeling, wat voor intervensie geskied, word gedoen deur die risiko-eienaar, wat moet aandag skenk aan die **waarskynlikheid** dat 'n risiko-gebeurtenis sal plaasvind; die **verwagte tydlyn** van gebeure; en die **historiese voorkoms** van soortgelyke risikogebeure.

Die tweede beoordeling, wat ná intervensie volg, is bedoel om te bepaal in watter mate **intervensie** blootstelling verminder het. Die US het onlangs ook 'n derde stap bygevoeg: oorweging van die "**tempo**" van die risiko (d.w.s. die tyd totdat die risiko tref). Hierdie multibeoordelingsproses maak dit moontlik om daardie risiko's uit te lig wat voorrang behoort te geniet om blootstelling te beperk.

Die volgende tabel bied 'n oorsig van die **grootste institusionele risiko's**, die oorblywende blootstelling ná intervensie, risikotempo, en 'n kombinasietelling.

No	Risk	RESIDUAL RISK ASSESSMENT					RISK VELOCITY ASSESSMENT					Combined
		Probability	#	History	#	Residual Exposure	Early warning	#	Time to act	#	Velocity	
1	Compliance risk	Likely	4	Institutional	5	9	Days	4	Weeks	3	7	8
2	Radiation risks	Highly unlikely	1	National	3	4	None	5	Days	4	9	7
3	Nationally regulated fees	Likely	4	Sectorial	4	8	Year+	1	Year+	1	2	5
4	Houses on farms risks	Likely	4	Institutional	5	9	Days	4	Months	2	6	8
5	Gender violence risks	Highly likely	5	Institutional	5	10	None	5	Days	4	9	10
6	Growth capacity mode 2 risks	Unlikely	2	Sectorial	4	6	Months	2	Months	2	4	5
7	Revised bursary model risks	Unlikely	2	Sectorial	4	6	Months	2	Months	2	4	5
8	Building and mountain fires	Likely	4	Institutional	5	9	None	5	None	5	10	10
9	Maintenance of infrastructure	Unlikely	2	Institutional	5	7	Year+	1	Year+	1	2	5
10	State subsidy	Potential	3	National	3	6	Year+	1	Year+	1	2	4
11	Spinout companies risks	Unlikely	2	Institutional	5	7	Days	4	Weeks	3	7	7
12	Copyright infringement risks	Unlikely	2	Sectorial	4	6	Months	2	Months	2	4	5
13	Cybersecurity and IT risks	Likely	4	Institutional	5	9	None	5	Days	4	9	9
14	Students wellness risks	Highly likely	5	Institutional	5	10	None	5	Days	4	9	10
15	Credit amendment bill risks	Likely	4	Nationally	3	7	Month	2	Months	2	4	6
16	Insurability of SU assets	Unlikely	2	National	3	5	Year		Months		6	6

*Oorsig van die grootste institusionele risiko's by die US, volgens die risikoregister.*

Die res van die 126 risiko's wat tans in die risikoregister vasgelê is, word op senior en middelbestuursvlak hanteer.

### 1.14 Reputasiebestuursraamwerk

'n Kernfokus in die verslagtydperk was die voortsetting van ons werk om 'n reputasiebestuursraamwerk vir die US op te stel. Dít sal ons help om **reputasierisiko** beter te verstaan en te bestuur, 'n sterker en meer ingeligte **mediateenwoordigheid** te hê, en beste praktyk in alle mediawerk en -aktiwiteite te volg. Ewe belangrik is dat die raamwerk ons visie en strategiese raamwerk moet ondersteun.

Aanvanklike navorsing het in Augustus plaasgevind. Ons Afdeling Korporatiewe Kommunikasie het ten nouste met die evaluering- en navorsingskonsultante PEAR Africa saamgewerk om die verskillende hoekstene van reputasie in die hoër onderwys oor die algemeen en by die US in die besonder te ondersoek. Semigestrukteerde onderhoude is met 26 kernbelanghebbendes van die US gevoer, waaronder lede van die Raad en Senaat, senior bestuurders en personeel. Die navorsingspan het terselfdertyd 'n inhouds- en statistiese ontleding onderneem van meer as

141 000 nuusbrokkies oor die US en sewe van sy hoëronderwyseweknieë wat tussen Januarie 2018 en Mei 2019 in die media verskyn het.

Daarbenewens is lessenaarnavorsing gedoen om insig te bekom in huidige US-beleide en -prosesse met betrekking tot reputasiebestuur, soos die Krisiskommunikasieplan en die onlangse Handelsmerkwaardasieverslag. Hierdie navorsing het ook ondersoek ingestel na die US se benadering tot intellektuele, menslike, verhoudings- en strukturele kapitaal. Dié aspekte is belangrik omdat reputasiebestuur deel is – of behoort te wees – van die **ganse US-kultuur**, en nie net tot die kommunikasieomgewing beperk is nie.

Al hierdie bydraes is daarna in 'n konseptuele reputasiebestuursraamwerk vir die US saamgevat, wat by 'n werksessie aan die vernaamste interne belanghebbendes voorgelê is. Korporatiewe Kommunikasie gebruik tans hulle terugvoering om die konseptuele raamwerk af te handel vir uitgebreide oorlegpleging met die Universiteitsgemeenskap.

### 1.15 Krisiskommunikasie- en mediaopleiding

Hoewel die reputasieraamwerk waaraan ons tans werk die US meer **proaktief** sal help maak, sal daar altyd omstandighede wees waarin die Universiteit **reaktief** moet optree, veral in die aangesig van 'n krisis en die onvermydelike media-aandag wat daarmee saamgaan. Daarom was 'n verdere kernfokus die afgelope drie maande hoëvlakopleiding in krisiskommunikasie en mediahantering.

Drie meesterklasse is tot dusver aangebied om kernwoordvoerders van die Universiteit toe te rus om gedurende 'n krisis **doeltreffend** met die media en ander belanghebbendes **te kommunikeer**. Ná die eerste sessie vir personeel van Korporatiewe Kommunikasie in Julie is 'n werksessie oor belanghebbendekartering in Augustus vir lede van die Komitee oor Eksterne Betrekkinge aangebied. Daarna het die Rektoraat teen die einde van September 'n mediaopleiding- en krisiskommunikasiemeesterklas bygewoon. Die plan is om voort te gaan om die meesterklas vir senior bestuurders en denkleiers aan te bied.

### 1.16 Handelsmerkposisionering en visuele identiteit

Die proses om die US se handelsmerkposisionering af te handel en 'n vars nuwe visuele identiteit te skep het formeel op 7 Oktober 2019 'n aanvang geneem. Die proses sal in vier fases geskied:

- Fase 1: Formalisering en afhandeling van 'n nuwe **strategie vir handelsmerkposisionering**, wat 'n gepaste monolitiese handelsmerkontwerp en -bloudruk insluit
- Fase 2: Lewering van 'n nuwe **visuele identiteit**, met inbegrip van 'n nuwe logo, saam met 'n steunstelsel vir implementering, soos korporatiewe identiteitsriglyne
- Fase 3: **Implementering** van die nuwe handelsmerkidentiteit deur dit in fases in alle US-omgewings in werking te stel, wat kommunikasie- en skakelingsintervensies sal insluit
- Fase 4: **Beoordeling van die impak** van die nuwe strategie deur 'n formele evaluering op 'n datum wat nog vasgestel sal word

Die US se bestaande **Eeufeesspesifieke visuele identiteit** sal die formele institusionele handelsmerk bly totdat die nuwe logo en visuele identiteit gelewer en aanvaar is.

### 1.17 Visuele inwerkingstelling van visie en strategiese raamwerk

Die **tweede fase** van die visuele inwerkingstelling van die US se *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* het in die verslagtydperk 'n aanvang geneem, met die klem op fakulteite, PASD-omgewings, studenteruimtes en ander institusionele areas of raakpunte. Die voorneme is om **in elke omgewing ten minste een installasie in 'n sentrale vergaderlokaal en een in 'n openbare ruimte** aan te bring.

Om eenvormigheid te verseker, word elke installasie binne die voorskrifte van 'n voorafgoedgekeurde ontwerpraamwerk pasgemaak. Terreinbesoeke vind plaas om die installasie in samewerking met die onderskeie omgewings te bespreek. Waar omgewings bykomende installasies wil aanbring, word die ontwerp sentraal bestuur om eenvormigheid te verseker, hoewel die omgewing self vir die produksie- en installasiekoste aanspreeklik is.

Sommige installasies is reeds aangebring, maar die res sal voor installering eers met die nuwe Universiteitshandelsmerk versoen word. Dít sal die tydlyn beïnvloed, maar sal dubbele werk en koste voorkom.




*Installasie teen 'n muur van die Fakulteit Regsgeleerdheid, wat ook 'n kalender versoek het.*



*'n Inligtingsbord by die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture, op glas, soos die Sentrum versoek het.*

## 1.18 Strategiese bestuursaanwysers

Strategiese bestuursaanwysers (SBA's) is **instrumente** om kern strategiese temas en doelwitte te **kwantifiseer** en te **monitor**. Die volgende figuur bied 'n oorsig van die proses wat gevolg is om in samewerking met verskeie US-rolspelers SBA's vir die Universiteit te ontwikkel.



Die werkgroep wat aangestel is om aan die stuur van hierdie projek te staan het die gesprekke oor die individuele kern strategiese temas deur 'n reeks werksessies geleei en in September 'n uitgebreide stel voorlopige SBA's by die Rektoraat aanbeveel. Die Rektoraat het verder geskaaf aan die aanbevole aanwysers, en die gewysigde SBA's is in Oktober aan lede van die Algemene Bestuursvergadering voorgelê.

Die lede van die werkgroep was twee dekane, 'n fakulteitsbestuurder en verteenwoordigers van die afdelings Inligtingsoorsigbestuur, Strategiese Inisiatiewe en Navorsingsontwikkeling. Hulle hoofdoelwit was om die kriteria op grond van die definisies van die verskillende strategiese temas en doelwitte te verbeter en uit te brei.


Intussen het Inligtingsoorsigbestuur die voorlopige SBA-definisies sorgvuldig bepaal met bydraes van verskeie kenners, en ook historiese data begin insamel om sinvolle rigpunte te bereken. Ná die data-insamelingsproses sal historiese tendense geïdentifiseer word om toekomstige mikpunte verder te

rig. Die doel is om in Desember **gepaste mikpunte** aan lede van die Raad voor te lê by die komende vergadering op 2 Desember.

## 1.19 Finansiële paneelbord

Soos wat in die vorige verslag genoem is, sal die inwerkingstelling van 'n finansiële paneelbord dit moontlik maak om elke kernprestasieaanwyser omvattend te beoordeel en met historiese data te vergelyk. Die doel is om die US se finansiële prestasie doeltreffend te evalueer en te moniteer.

Finale mikpunte vir elke kernprestasieaanwyser moet nog vasgestel word, maar voorlopige mikpunte is intussen bepaal. Die volgende figuur bied 'n oorsig van die kernprestasieaanwysers vir 2018 as 'n voorbeeld van hoe 'n **tipiese paneelbord** daar sal uitsien.



*Finansiële paneelbord wat 'n kitsoorsig bied van die US se kernprestasieaanwysers vir 2018*

## 1.20 Stelselvernuwing

Die **SUNFin**-implementeringsprojek is steeds op koers vir lewering teen Januarie 2021. Visions Consulting, die US se implementeringsvennoot, is tans besig met die konfigurasie van die eerste weergawe van die Oracle Cloud Financials-stelsel. By die skryf van hierdie verslag sou werksessies vanaf 28 Oktober tot 15 November plaasvind. Die integrasiespan het nou toegang tot die Oracle Cloud Financials-toetsomgewing. Hulle gaan voort om die omvang en impak te bepaal van die verandering wat nodig sal wees om die nuwe oplossing suksesvol by die US se bestaande omgewing te integreer.

Die voorgestelde funksies en werkzaamhede van **SUNStudent** is in vier "mandjies" ingedeel. Die drie bloudrukwerksessies wat die verskaffer tot dusver gefasiliteer het, het oor drie van die vier mandjies gehandel. Honderde US-belanghebbendes het daaraan deelgeneem. Eienaars en gebruikers van US-funksies beoordeel tans die bloudrukdocumente wat na aanleiding van die werksessies opgestel is, en bloudrukgoedkeuring is die volgende belangrike mylpaal. Dít sal beteken dat al die vernaamste studente-administrasieprosesse gedek is. Die oorblywende funksies word in Februarie 2020 as deel van die laaste mandjie hanteer. Sodra die bloudrukbeoordelings afgehandel is, sal stelselkonfigurasie begin, wat met verdere funksiebeoordelings en -toetsing sal saamval.

**Gekoördineerde beplanning** tussen die SUNFin- en SUNStudent-implementeringsprojekte is 'n baie belangrike mylpaal vir Desember 2019. Dít sal die doelwit help verwesenlik om albei stelsels vanaf die einde van 2020 te begin aktiveer.

## 1.21 Akademiese bestuursbesluitneming by die US

As deel van die fakulteitsvernuwingsinisiatief het die Rektoraat in 2018 met 'n projek begin om 'n stel **norme en standaarde** te ontwikkel om akademiese bestuursbesluitneming by die Universiteit te ondersteun. Die US kort tans algemene riglyne vir bestuursbesluitneming oor aangeleenthede soos:

- lae inskrywingsyfers in sekere modules en programme;
- die grootte van akademiese entiteite, soos departemente;
- die toekenning van akademiese en steunpersoneellede aan akademiese departemente en fakulteite; en
- die werkclas van akademiese personeel in die vorm van 'n generiese werkclasmodel.

Die verantwoordelikheidssentrum (VS) Strategie en Internasionalisering het die afgelope paar maande 'n reeks ontledings van stapel gestuur om tersaaklike norme en standaarde vir hierdie belangrike komponente van die akademiese projek te bepaal. Die inisiatief het twee doelwitte: Die eerste is om dekane en fakulteitsbestuur in staat te stel om strategiese besluitneming te verbeter, wat die strewe na die US se strategiese doelwitte sal ondersteun. Die tweede is om dekane en fakulteitsbestuur vaardiger te help maak in die gebruik van data en ander ontledings om insig in hulle eie bestuurstyl te bekom, en sodoende doeltreffendheid in hulle fakulteite en departemente te verhoog.

Die norme en standaarde is nie veronderstel om die enigste besluitnemingsparameters te wees nie. **Ander faktore bly relevant**, soos nasionale oorwegings, strategiese faktore van die US, kennisoorwegings, portuurpraktyke, die vereistes van beroepsrade en akademiese gehalte. Die norme en standaarde sal eerder rasionele en konsekwente besluitneming by die Universiteit versterk. 'n Tweede fase van die projek sal wees om 'n soortgelyke ondersoek na moontlike norme en standaarde vir die administratiewe komponent van die Universiteit aan te voor.

## 1.22 Fondswerwingshoogtepunte

### Stigtings en trusts

Die raad van die **Open Society-stigting** Suid-Afrika het steun ter waarde van R1,2 miljoen bewillig vir die kernbedrywighede en projekte van die **US Regskliniek** oor 'n tydperk van 24 maande. Op sy beurt het die raad van die **Claude Leon-stigting** in beginsel ingestem om ook steeds die Regskliniek finansieel te ondersteun, en die US genooi om 'n nuwe toelaagaansoek in te dien. In hulle briefwisseling sê die stigting: "Ons is veral beïndruk daarmee dat die Regskliniek nie net belangrike regs- en praktiese advies oor plaaswerkers se grondwetlike reg op seker verblyfreg bied nie ... maar ook as 'n belangrikeregsopleidingshulpbron vir regstudente van die Universiteit dien en 'n brug bou tussen bevoorregte akademici en minderbevorregte gemeenskapslede. Dit is uiters belangrik om te toon dat die Universiteit by gemeenskapskwessies betrokke is, en nie verwyderd is van die alledaagse swaarkry van soveel minderbevorregte mense nie."

Die **HB & MJ Thom-trust** het 'n toekenning van R2,25 miljoen vir (reisspesifieke) akademiese navorsing sowel as nagraadse beurse vir 2020 bevestig. En teen die einde van Julie 2019 is bevestiging ontvang van 'n skenking van R5,5 miljoen van die **Het Jan Marais Nationale Fonds** aan 11 US-projekte (die woordeboek vir die Gesondheidswetenskappe, voorgraadse en noodbeurse, die Botaniese Tuin, die Departement Afrikaans en Nederlands, die SUNSEP-ekspo vir jong wetenskaplikes, die US Museum se program "Toegang tot die Visuele Kunste", die Regskliniek, die Woordfees, die US Koor, WOW en die MGD-matriekprogram).

### Internasionale portefeuilje

Omsigtigheidsvergaderings met die **Michael & Susan Dell-stigting** het 'n gulde geleentheid gebied om die bedrywighede en prestasies van die Universiteit ten toon te stel. Die Dell-program vir jong leiers verander die lewens van eerstegenerasie-universiteitstudente uit arm gemeenskappe deur die

hele Suid-Afrika ten goede. Die program bied jaarliks holistiese steun aan sowat 500 benadeelde jongmense om te studeer, te graduateer en dan onder die wakende oog van die stigting met 'n loopbaan te begin. Met intervensies vir volledige studentesteen, met inbegrip van akademiese, finansiële en emosionele bystand, rus die program studente met lewenslange vaardighede, veerkrachtigheid en leierskap toe wat vir die volgende dekades werklike positiewe verandering in gesinne en gemeenskappe kan skep.

Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge het die afgelope kwartaal sy reikwydte in die VK buite die grense van Engeland uitgebrei en ook Ierland, Wallis en Skotland besoek, waar die Afdeling met uiters ontvanklike alumni ontmoet het. Ons Maties-alumnikern in Dublin is op 24 Oktober bekend gestel, en Maties in Edinburgh het belangstelling uitgespreek om in 2020 hulle eie alumnikern op die been te bring. Ná 'n suksesvolle besoek aan die **WS-prokureursvereniging** in Edinburgh, een van die oudste regsverenigings in die VK wat reeds langer as 500 jaar bestaan, is prof Thuli Madonsela genooi om die vereniging in 2020 oor inisiatiewe vir sosiale geregtigheid te gaan toespreek.

In die VSA is 'n suksesvolle dinee vir alumni en voornemende skenkers in New York aangebied. Dié geleentheid met die tema **"25 jaar van genesing in Suid-Afrika"** het met die 74ste sitting van die VN se Algemene Vergadering saamgeval. Die dinee was in die vorm van 'n gesprek tussen prof Pumla Gobodo-Madikizela van die US en regter Dennis Davis. Hulle het oor Suid-Afrika se reis vanaf apartheid tot demokrasie, genesing en versoening besin en oor die land se toekoms gesels. Prof Penelope Andrews van die New York Law School het die gesprek gefasiliteer. By die geleentheid, wat in samewerking met die Universiteit van KwaZulu-Natal- (UKZN-)stigting aangebied is, kon gaste gesels met alumni van sowel die US as UKZN wat nou in New York woon en werk. Uit die kaartjieverkope het elke universiteit \$500 vir 'n studiebeurs ontvang.

## Suid-Afrikaanse maatskappye



*US-beurshouers en -personeellede by 'n geleentheid van die FirstRand-stigting in Kaapstad*

toe hulle R200 000 vir vier studente bewillig het. In die finansieringsiklus 2017-2019 is 19 studente ten volle gefinansier. Hierdie steun bedra R6 miljoen, plus 'n eenmalige bedrag van R1,5 miljoen wat spesifiek bedoel is vir hulptoestelle en gebeurlikheidsteun wat die studente kan nodig kry.



*Van links, pProf Pumla Gobodo-Madikizela, prof Penelope Andrews en regter Dennis Davis by die geleentheid.*

Gesprekke met die **FirstRand-groep** oor studente en personeellede met gestremdhede duur voort. Dié verskaffer van finansiële dienste se werk om gestremdhedskwessies by die hoofstroom in te sluit maak deesdae 'n belangrike dwarsliggende tema van hulle strategie vir maatskaplike belegging uit. Ek het in September by hulle Kaapstad-hoofkantoor as spreker opgetree by 'n geleentheid vir huidige beurshouers om sowel werkgewers as studente op die behoeftes van persone met gestremdhede in, en die eise van, die arbeidswêreld attent te maak.

Die **FNB-fonds** het US-studente met gestremdhede die eerste keer in 2015 ondersteun

Begunstigdes van die Allan Gray Orbis-stigting ontvang nie net studiefinansiering nie, maar word ook ondersteun en opgelei om 'n entrepreneursingesteldheid te ontwikkel. Die program draai onder meer om leierskap en akademiese uitnemendheid. Twee Maties het in 2012 finansiering van sowat R91 000 ontvang. Vanjaar het ons 42 Allan Gray-genote wat met R3,6 miljoen ondersteun word. Altesaam 246 kandidate het gereageer op ons onlangse versoek vir aansoeke.

### Doelgespesifieke portefeuilles

**Fakulteit Natuurwetenskappe:** Soos die US as instelling, het die Fakulteit Natuurwetenskappe óók in 2018 sy honderdjarige bestaan gevier. Die Fakulteit het die geleentheid gebruik om sy Katalisatorfonds bekend te stel, wat beoog om finansiële steun te bied aan toekomstige geslagte Suid-Afrikaanse wetenskaplikes om die kennisintensiewe ekonomie te versterk wat die land nodig het om te groei en te ontwikkel. Sodanige steun is broodnodig in die lig van die finansieringsdruk op hoëronderwysinstellings landwyd. Die fonds groei sedertdien fluks en staan tans op R852 000.

**Matie Sport:** Matie Sport ondersteun die US se strewe na die holistiese ontwikkeling van gebalanseerde studente op voor- én nagraadse vlak. Ons kultuur van insluiting en doelwitte van diversiteit en sosiale impak word sigbaar gemaak deur sport. Matie Sport is voortdurend besig met die proaktiewe werwing en behoud van studente uit lae-inkomsteomstandighede wat oor die talent en potensiaal beskik om op die sportveld uit te blink, onder meer in rugby. Nadat Maties Rugby die Steinhoff-borgskap kwyt is, het Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge (OAB) met aktiewe korporatiewe en individuele fondswerwing begin om hoëprestasiespelers te ondersteun. Beurse is immers 'n noodsaklike meganisme om te verseker dat hierdie studente sowel op as weg van die veld presteer. Beloftes van steun ter waarde van sowat R1,5 miljoen is tot dusver met die oog op 2020 ontvang.

**Huis ten Bosch- (HTB-)brandfonds:** Die Huis ten Bosch- (HTB-)brandfonds is gestig op 13 Augustus, die dag nadat 'n deel van die koshuis deur 'n brand in puin gelê is. Die fondswerwingsreaksie was bemoedigend. Veral oudinwoners van Huis ten Bosch het positief op versoek gereageer en 92 skenkings is binne die eerste week ontvang. Benewens die R49 000 wat deur ewekniefondswerwingspogings ingesamel is, het die versekeringsmakelaar en risikobestuursfirma Marsh ook 15 splinternuwe skootrekenaars geskenk aan Huis ten Bosch-inwoners wie se rekenaars in die brand vernietig of waterskade opgedoen het.

**#Move4Food:** Vir die ewekniefondswerwingsveldtog #Move4Food het aktivistiese fondswerwers gedurende die derde kwartaal die Sanlam Kaapstadmarathon afgelê en hulle eie netwerke ingespan om geld vir die saak van voedselsekerheid onder US-studente in te samel. Die veldtog het tot dusver vanjaar R51 000 ingebring.



*Van die Maties wat ten bate van die US se fondswerwingsveldtog #Move4Food aan die Sanlam Kaapstadmarathon van 2019 deelgeneem het.*

Boonop werk OAB reeds daaraan om die volgende **Kaapstadfietstoer**, wat op 8 Maart 2020 sal plaasvind, weer as 'n platform vir ewekniefondswerwing te gebruik. Soos die afgelope twee jaar, is personeellede, studente, alumni, skenkars en vriende van die Universiteit weer welkom om saam met my die fietswiele vir 'n verdienstelike saak te laat sing. **Sien ons u daar?**

Soos wat die Huis ten Bosch-brandfonds, #Move4Food en die Kaapstadfietstour bewys het, is **ewekniefondswerving** 'n goeie manier om nuwe skenkers te betrek deur 'n relevante saak en 'n maklike skenkingsmetode te voorsien.

### 1.23 Kontantlose betalings in 'n kits

Die US is die eerste universiteit in Suid-Afrika wat die mobiele betaaloplossing **SnapScan** vir amptelike betalings gebruik. Die Afdeling Finansies het hierdie ontwikkeling op 14 Oktober deur middel van plakkate op kennisgewingborde, plasings op sosialemediaplatforms en kennisgewings op die US se webtuiste en in die studentenuusbrief aangekondig.

Studente sal aanvanklik twee van SnapScan se betaalmeganismes in die app kan gebruik om hulle studenterekeninge én voorafbetaalde internet- en drukkrediete te betaal. Hierdie betalings moes voorheen hetsy in kontant of met 'n debiet- of kredietkaart by die Universiteit se kassiere in die sentrale administrasiegebou gemaak word.



### 1.24 Universiteitstegnologiefonds

Die beleggingskomitee van die SA SME Fund het op 26 September amptelik goedkeuring verleen vir die Universiteitstegnologiefonds. By die skryf van hierdie verslag was die verskillende rolspelers besig om die regsooreenkomste af te handel. **Innovus** het 'n kernrol vervul om die model te ontwerp vir, en R200 miljoen te werf vir die eerste fase van, die UTF. Die US en die Universiteit van Kaapstad sal die eerste UTF-deelnemers wees. 'n Kleiner gedeelte van die finansiering is ook beskikbaar gestel vir belegging in die projekte van ander universiteite. Die UTF sal in sowel vroeëfaseontwikkelings- as vroeëfasewaagkapitaalprojekte belê.

### 1.25 Innovus-nuus

Innovus, die US se universiteit-bedryf-interaksieplatform vir die kommersialisering van die Universiteit se bates, het tot dusver vanjaar 28 **openbaarmakings van nuwe uitvindings** van US-personeellede ontvang. Die kantoor het ook verskeie projekte bygestaan om finansiering vir verdere ontwikkeling en kommersialisering te bekom.

Daarbenewens het Innovus vanjaar **twoe nuwe maatskappye** tot stand gebring, naamlik:

- **Axio VR**, wat in samewerking met 'n eksterne venoot in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe ontstaan het; en
- **Factory 209**, 'n maatskappy wat sal botte indien, reëlings tref en as gasheer optree vir konferensies en geleenthede vir die US.

Nog 'n maatskappy, **Susento**, word tans in die inkubator ontwikkel met die oog op latere afwenteling. Die onderneming spesialiseer in die volhoubare vervaardiging van proteïen uit insekte vir sowel menslike as diereverbruik.

'n Patent is bekom vir die nanobiosensor **BioCODE**, die geesteskind van proff Resia Pretorius en Willie Perold. Die sensor gebruik papier- of gespinde nanovesel met gemobiliseerde teenliggaampies om twee biomerkers in sirkulasie op te spoor. 'n Derde deel van die sensor gebruik selfoongebaseerde tegnologie om spontaan gevormde klewergige bloedklonte in sirkulasie op te spoor.

Die Innovus-afwentelmaatskappy Bridgiot ontwikkel op sy beurt die **uro-meter**, 'n draagbare en weggooibare mediese toestel vir urodinamiese toetsing. Dit sal mediese spesialiste akkurater inligting bied oor die doeltreffendheid van mediese intervensies vir die blaas.

## 1.26 LaunchLab-nuus

Die Nedbank Universiteit Stellenbosch LaunchLab gaan van krag tot krag. Beginnerondernemings in die LaunchLab **ondersteun 513 werkgeleenthede** en het al **193 nuwe werkgeleenthede geskep**. Boonop het LaunchLab-ondernemings reeds **R193 miljoen in waagkapitaal ingesamel**, en in 2018 alleen meer as **R300 miljoen in inkomste** verdien.

Sowat 44% van die LaunchLab-gemeenskap het al sakekonsepte in prototipes omskep, 20% het hulle prototipes in inkomste omgeskakel, terwyl 36% beduidend gegroei het. Die jongste toevoeging is **SUN Magnetics**, wat sagteware vir elektroniese ontwerpautomatisering op die gebied van kwantumelektronika ontwikkel. Die LaunchLab het sedert aanvang altesaam 196 ondernemings onder sy vlerk geneem.

Hierdie prestasies gaan nie ongesiens verby nie. **UBI Global**, 'n innovasie-intelligenziemaatskappy in Stockholm wat bekend is vir uitmuntende intelligensie, beoordeling en kartering van sake-inkubators, het die LaunchLab as die **beste inkubator aan 'n universiteit in Afrika** aangewys – 'n reuse-eer. Hulle het die lysie voorste sake-inkubators en -versnellers uit hulle jaarlikse wêreldwyse studie op 6 November by vanjaar se Internasionale Inkubasieberaad in Doha, Katar, uitgereik. UBI Global het bevestig dat die LaunchLab daarin uitblink om vir sowel beginnerondernemings as die plaaslike ekosisteem waarde te skep.

## 1.27 Kapitaalprojekte

Die US se Afdeling Fasiliteitsbestuur het tans 147 kapitaalprojekte. Die waarde daarvan beloop R2,2 miljard. 'n Vorderingsverslag oor twee van die grootste projekte volg hieronder.

### Biomediese Navorsingsinstituut

Die Biomediese Navorsingsinstituut- (BMNI-)projek op Tygerbergkampus verloop volgens plan, en daar is tans geen noemenswaardige risiko's wat die beplande voltooiingsdatum in gevaar stel nie.



*Vordering met die nuwe gebou van die BMRI soos op 27 September.*

Konstruksie van die betonkolomme en -hangblaaie vir die nuwe gebou (fase 1) is klaar (tot by die betonvloer op verdieping 4), en werk aan die strukturele staalraam vir die aanlegkamer op verdieping 4 het begin.

Die aanbouing van die biobewaarplek by die bestaande FISAN-gebou is klaar. Die Hamilton BiOS – 'n stelsel vir die bewaring van biologiese monsters by -80 °C – word tans geïnstalleer.



*Instalering van die Hamilton BiOS teen die einde van September.*

Werk aan die tussenkonstruksie aan die westekant van die bestaande FISAN-gebou vorder goed. Nuwe nagespanne betontussenvloere om by die bestaande vloervlakte van die FISAN-gebou aan te sluit, is voltooi tot op verdieping 5. Prosesse om die gebou deur die Groenbouraad van Suid-Afrika (GBCSA) te laat sertifiseer is ook aan die gang.

#### [Jan Mouton Leersentrum](#)

Konstruksie van die nuwe Jan Mouton Leersentrum op Stellenboschkampus het fluks gevorder totdat die hoofkontrakteur, Group Five, op 12 Maart vanjaar onder sakerredding geplaas is. Dít het die projek vir bykans twee maande tot 'n stilstand gebring. Bouwerk het op 29 April hervat. Lombard Versekering het sedertdien die projekfinansiering oorgeneem.

Alle strukturele elemente van die gebou is voltooi. Die laaste eksterne dienste word tans geïnstalleer en die parkeerterrein en mobiliteitsroetes word aangelê.



*Die Jan Mouton Leersentrum nader voltooiing.*

Binne die gebou word afwerkings nou gemonteer voordat die sitplekke geïnstalleer word. Veranderinge aan die projekbestek, soos die genderneutrale kleedkamers op die eerste verdieping, is ingesluit om die nuwe gebou aan huidige ontwerpvereistes te laat voldoen.



*'n Lesingsaal op die grondverdieping en die genderneutrale kleedkamers op die eerste verdieping in aanbou.*

Die volhoubaarheidskenmerke van die gebou word tans geïnstalleer en aan die hand van ontwerpvereistes getoets. Die gebouontwerp maak voorsiening vir die installering van fotovoltaïese (FV) panele op die dak om vir die fasilitet se elektrisiteitsverbruik te vergoed. Hierdie intervensie maak nie deel uit van die huidige boukontrak nie, maar strukturele voorsiening is gemaak sodat die panele in die toekoms gemonteer kan word. Die municipale elektrisiteitstoevoer is intussen gekoppel aan die minisubstasie wat die nuwe gebou van krag sal voorsien, en elektriese en elektroniese infrastruktuur kan dus nou in diens gestel word.

'n Afsonderlike projek is geregistreer vir 'n FV-paneelstelsel op die Neelsie se dak, wat die studentesentrum se afhanklikheid van municipale elektrisiteitstoevoer sal verminder.

## 1.28 US van plan om Bestuurskool terug te bring Stellenbosch toe

Die US wil sy wêreldbekende Bestuurskool (USB) terugbring Stellenbosch toe, waar dit 'n nuwe tuiste by **Oude Libertas** sal vind. Dít volg ná die **Raad se besluit op 25 September** om 'n **grondskening** van **Distell** op sy Oude Libertas-perseel met dank te aanvaar. Die nuwe perseel, waar die USB, die bestuursontwikkelingsmaatskappy USB-ED en die Instituut vir Toekomsnavorsing kantore sal hê, is strategies geleë in die **Adam Tas-korridor** op Stellenbosch, wat vir herontwikkeling bestem is.

Die USB is op Stellenbosch gestig, en het in die vroeë jare sewentig na **Bellville** verskuif om die sakegemeenskap van die noordelike voorstede van Kaapstad te bedien as deel van die US se destydse strategie om sy deeltydse onderrigaanbod uit te brei. Die USB het in 1986 sy huidige perseel op ons **Bellvilleparkkampus** betrek. Bellvillepark sal **steeds** as 'n akademiese naaf funksioneer met uitgebreide aktiwiteite van ander US-departemente. Opknappings aan die kampus duur voort, en ons beplan om ons akademiese voetspoor daar in die volgende paar jaar selfs verder uit te brei.

'n Onlangse **markontleding** het oortuigende gronde aangevoer vir die verskuiwing van die USB na Stellenbosch, wat deesdae 'n toonaangewende entrepreneursdorp in Suid-Afrika is. Die verskuiwing sal geleenthede vir akademiese **samewerking** ontsluit tussen die Bestuurskool en die Universiteit se hoofkampus, waar ons sake-inkubator, die LaunchLab, ook geleë is. Boonop sal die verskuiwing die USB, die vasteland se enigste bestuurskool met volle driedubbeleakkreditasie, in staat stel om verdere waarde uit die US se **ligging** en **handelsmerk** te put.

Al die topbestuurskole ter wêreld weet dat hulle reputasie in 'n gepaste ligging en die beste fasiliteite weerspieël moet word. Ons glo die skep van 'n moderne bestuurskool as 'n baken op Stellenbosch sal die Universiteit verder van ander hoëronderwysinstellings in die land **onderskei** en die US sy **visie** help verwesenlik om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te wees.

Die meeste van die geld vir die ontwikkeling sal deur die US se **fondsverwing** bekom word, wat 'n bepalende faktor vir die verskuiwing sal wees. Daarbenewens sal dit onderworpe wees aan die

gewone goedkeurings- en openbaredeelnameprosesse, sowel as oorlegpleging met geaffekteerde belanghebbendes. Die US en Distell sal saamwerk om die onderverdeling, impakstudies en hersonering van die perseel te faciliteer.

### 1.29 Verbeterde Huis ten Bosch heropen in 2021

Herstel- en bouwerk aan die US se Huis ten Bosch (HtB), wat vroeër vanjaar ernstige brandskade opgedoen het, sal die koshuis in 'n **moderne, doelgesikte fasilitet** omskep. Die koshuis sal in 2021 heropen.

Daar is aanvanklik gehoop dat die werk betyds voltooи sou wees sodat studente vanaf Januarie 2020 kon terugtrek. Dít sal egter nie moontlik wees nie omdat die uitreiking van 'n brandveiligheidsertifikaat ingevolge die vereistes van die Stellenbosch-brandweer langer sal duur as wat verwag is.

Die werk aan die koshuis het aan die begin van September 2019 begin teen 'n begrote bedrag van sowat R62,5 miljoen. Die herboude HtB sal nie net aan alle munisipale regulasies voldoen nie, maar sal ook toegerus wees met 'n moderne kombuisie op elke verdieping, opgeknapte elektriese en elektroniese toerusting, 'n nuwe optieseveselroete en sy eie waternaansluiting. Die hele plafon en dak sal met 'n brandvaste struktuur vervang word en alle kamers sal twee-uur-brandvaste deure kry.

HtB-inwoners en hulle ouers/voogde is in kennis gestel dat hierdie groot projek na verwagting teen 23 Oktober 2020 voltooи sal wees, en dat alternatiewe verbliffreëlings dus met die oog op aanstaande jaar vir die studente getref sal word. Klik [hier](#) vir meer oor hierdie reëlings.

**Krisiskommunikasie:** Die brand wat op 12 Augustus in Huis ten Bosch uitgebreek het, het onmiddellike kommunikasie met die 164 geaffekteerde inwoners sowel as die res van die kampusgemeenskap en die media vereis. 'n Personeellid van Korporatiewe Kommunikasie het deel uitgemaak van die gebeurlikheidskomitee, wat gesorg het dat konsekwente, akkurate, intydse boodskappe oorgedra is aan die koördineerder van Korporatiewe Kommunikasie se sosialemediakanale, synde die eerste kommunikasielinie.

In die volgende dae het Korporatiewe Kommunikasie se krisiskommunikasiekoördineerder aangehou om 'n vloei van inligting in die hand te werk, hoofsaaklik tussen die US en die Huis ten Bosch-inwoners en hulle ouers of voogde landwyd en buiteland. Die hoofkommunikasiekanale was sosialemediaplatforms, 'n webblad, massa-e-posse en SMS. Die sekondêre gehore was die groter kampusgemeenskap, die US Raad, die media, Stellenbosch Munisipaliteit en lede van die publiek, wat bystand verleen het aan studente wat ál hulle persoonlike besittings verloor het.

Die volgende massa-e-posse is aan Huis ten Bosch-inwoners en hulle ouers/voogde gestuur, en het 'n leessyfer van byna 80% behaal:

- [Rektor aan studente](#) en [Rektor aan ouers/voogde](#), 13 Augustus
- [Viserekotor: Leer en Onderrig aan studente en ouers/voogde](#), 14 Augustus
- [Viserekotor: Leer en Onderrig aan studente](#), 16 Augustus
- [Viserekotor: Leer en Onderrig aan studente](#), 20 Augustus

Boodskappe is ook aan personeellede en die groter studentegemeenskap gestuur.

### 1.30 Veiligheid by die US

Die vlak van misdaadvoorvalle wat by Kampussekuriteit aangemeld word, is tans die **laagste in tien jaar**. Misdaadtendense is die gevolg van verskeie faktore, waarvan sommige binne Kampussekuriteit en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se beheer is, en ander nié. Kampussekuriteit is daartoe verbind om hierdie lae tendens te handhaaf met die steun en leiding van interne belanghebbendes, soos personeellede, studente en besoekers, sowel as eksterne belanghebbendes, soos die SAPD en die munisipale wetstoepassing- en verkeersdepartement.

Kampussekuriteit het die afgelope paar maande veral daarop gekonsentreer om intervensies teen geslagsgebaseerde geweld te ondersteun, in die besonder ná die onlangse skokkende moord op 'n student van die Universiteit van Kaapstad én ander geslagsgebaseerde voorvalle en misdade. Die jaarlikse en deurlopende sekuriteitsrisikobeoordelings deur Kampussekuriteit sowel as die aanbevelings deur die Beweging teen Geslagsgebaseerde Geweld US help identifiseer waardevolle geleenthede om sekuriteitsmaatreëls op te skerp, en verhoog terselfdertyd algemene veiligheidsbewusheid.

'n **Gesamentlike veiligheid-en-sekuriteitswerkgroep** word tans saamgestel (sien ook 1.2 hierbo). Hierdie werkgroep sal alle onlangse beoordelings en intervensies van Kampussekuriteit nagaan en verdere veiligheid-en-sekuriteitsintervensies voorstel.

### 1.31 Gesondheid by die US

Een van die Kampusgesondheidsdiens (KGD) se voorkomingstrategieë is om deur middel van sosialemediaplatforms gesondheids- en welweesinligting aan personeellede en studente oor te dra. Dít geskied volgens die **gesondheidskalender** van die **Wêreldgesondheidsorganisasie** (WHO) om die impak van kommunikasie te versterk. In die verslagtydperk is berigte gedoen oor bloedarmoede, nieresondheid, rugpyn, osteoporose en beroertes.

'n Vlagskipprojek op die WHO-kalender is **Hartbewustheidsweek**, 'n wêreldwye inisiatief wat vanjaar van 23 tot 27 September – in die week voor Wêreldhartdag op 29 September – by die US plaasgevind het. Om die wydste moontlike deelname te verseker, het dr Jo-Anne Kirby, KGD-sportdokter en projekkoördineerder, met verskeie US-omgewings geskakel, waaronder Maties Sport, Menslike Hulpbronne, die Voertuigpoel sowel as Biokinetika en Kinderkinetika in die Departement Sportwetenskap van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Verskeie boodskappe is onder die hutsmerk #MyHeartYourHeart op Twitter geplaas.

Hartsiekte het 'n hele aantal risikofaktore wat met oefening voorkom of reggestel kan word. Daarom het die veldtog veral gekonsentreer op die bevordering van fisiese aktiwiteit en ander goeie hartgewoontes, soos gereelde bloeddrukmeting, 'n laer soutinname en om op te hou rook (sien links onder).



Promosiemateriaal vir Hartbewustheidsweek.



US-personeel by die Welweespretloop van 4 km.

Aktiwiteite vir personeellede en studente het 'n Welweespretloop van 4 km (sien foto hierbo), daaglikske etensuurklassie by Tygerberggimnasium en mediese toetse op die Rooiplein ingesluit. Media soos *Die Burger* en *Bolander Lifestyle* het oor die veldtog berig.

Boonop bly geestesgesondheidsverwante uitdagings onder personeellede en studente 'n kwessie. Verskeie intervensies is dus in werking gestel.

### 1.32 US Museum-uitstallings

Die US Museum bied tans in samewerking met die Simon Nkoli-kollektief en die Eenheid vir Gelykwaardigheid 'n uitstalling aan oor die lewe van wyle **Simon Nkoli**, 'n gevierrede Suid-Afrikaanse teenapartheids-, gayregte- en vigsaktivis. Nkoli is ook in 2017 by die US vereer toe die Universiteit

die gebou waarin die Eenheid vir Gelykwaardigheid geleë is na hom genoem het. Die uitstalling is nog tot die einde van Januarie 2020 te sien. Daarbenewens beplan die museum 'n openbare opvoedingsprogram oor die uitstalling wat by Wêreldvigsdag op 1 Desember sal aansluit.

Die Simon Nkoli-uitstalling val saam met 'n uitstalling deur **Banele Khoza**, wenner van die Absa L'Atelier Gerard Sekoto-prys van 2017.

## TEMA 2: 'n TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) lui soos volg oor **'n transformerende studente-ervaring**: "Met hierdie voorname wil ons toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as 'n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul." Dit behels ook "die voorsiening van groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker".

### 2.1 Studentewerwing

Die US se Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies (SSW) streef daarna om die Universiteit as 'n voorkeurinstelling onder voornemende studente te posisioneer. Verskeie aktiwiteite is gedurende die verslagtydperk in samewerking met fakulteite en provinsiale departemente van basiese onderwys onderneem om die US se studiegeleenthede te bemark. Dít het skoolbesoeke, werksessies, kampusbesoeke, loopbaanvoorligtingsdienste en psigometriese toetse ingesluit. Meer as 20 000 senior leerders is deur middel van hierdie direkte skakeling bereik.

Hoogtepunte in die tweede semester was onder meer 'n **studieloopbaanskou** wat in vennootskap met fakulteite by die Ukwanda Landelike Kliniek op **Worcester** aangebied is, en die gewilde geleentheid **Maties-on-the-Move** in **Gauteng**, waar ek meer as 1 000 voorlopig toegelate studente en hulle ouers toegespreek het. Fakulteite het ook die geleentheid benut om hulle programmaanbiedinge by hierdie byeenkoms uit te stal.

Die Sentrum vir Studentewerwing en die Fakulteit AgriWetenskappe het deelgeneem aan 'n eksamenvoorbereidingskamp vir die **400 beste graad 12-leerders in KwaZulu-Natal**, wat deur daardie provinsie se departement van basiese onderwys gereël is. Hier kon die US in gesprek tree met leerders wat voorwaardelik vir studie op Stellenbosch gekeur is. Die leerders het onder meer advies ontvang oor aansoeke om NSFAS-finansiering en -beurse, die oorgang van hoërskool tot universiteit, en voorbereiding vir hulle Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.

Die Sentrum vir Studentewerwing het in September 2 675 voorlopig toegelate Wes-Kaapse eerstegenerasiestudente en hulle ouers op kampus ontvang. Gedurende dié geleentheid, wat as **Maties101** bekend is, het fakulteite met die leerders gesels om registrasiesyfers vir 2020 'n hupstoot te gee. Die leerders kon ook met dekane, personeelde en huidige studente in hulle voorkeurfakulteit in gesprek tree.



Leerders en ouers by 'n Maties101-sessie in die Fakulteit Ingenieurswese.

Verskillende geleenthede is ook benut om bande te smee met **skoolhoofde en -onderwysers**, nie net in die Wes-Kaap nie, maar ook in Gauteng, KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap. Dít het ingesluit aanbiedings by opvoederbyeenkomste soos die nasionale hoofdesimposium van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie in Port Elizabeth, en sessies vir Lewensoriëntering-onderwysers van skole in Khayelitsha.



*US-studenteraadgewer me Bongiwe Mdinci (middel) saam met graad 12-leerders van die Hoër Meisieskool Clarendon, Oos-Londen.*

Afgesien van hoofstroomkommunikasieplatforms het die US ook 'n aantal **gemeenskapsradiostasies** gebruik om leerders, hulle ouers en onderwysers sowel as die groter publiek te bereik. Radiopraatjies het oor onderwerpe soos aansoek- en toelatingsprosesse, koshuisplasing en finansieringsgeleenthede gehandel.

## 2.2 Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente (ISFAP)

Die US het gedurende 2019 'n tweede toekenning van volkostebeurse van die Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente (ISFAP) ontvang. Dié beurse is bedoel vir 'n nuwe groep uitgesoekte eerstejaarstudente in die "ontbrekende middel"-gesinsinkomstekategorie.

Beurse dek klasgeld, studiemateriaal, huisvesting, etes en 'n maandelikse stipendium vir die volle duur van die studente se graadstudie. ISFAP het onlangs bykomende finansiering bekom van FASSET (die sektorale onderwys-en-opleidingsowerheid vir die finansiële en rekeningkundige dienstesektor) om studente in hulle laaste twee studiejare in finansiesverwante kursusse (veral dié op skaarsvaardigheidsgebiede) te ondersteun.

Altesaam **170 eerste- en tweedejaars** het vanjaar finansiering ten bedrae van **R21 miljoen** ontvang. Die groep begunstigdes het bestaan uit:

- 16 eerstejaars en 33 tweedejaars in die program BREk;
- 35 eerstejaars en 42 tweedejaars in die program Blng;
- 35 tweedejaars in die MBChB-program; en
- 9 finalejaars in die programme BREk, BREk LLB, BCom (Bestuurswetenskappe), BCom (Ekonomiese Wetenskappe), BCom (Wiskundige Wetenskappe) en BCom (met hoofvakke soos Beleggingsbestuur en Finansiële Bestuur).

Slegs studente wat vir die programme MBChB, BREk en Blng ingeskryf is, kom tans by die US vir ISFAP-finansiering in aanmerking. Met die oog op 2020 sal ISFAP egter ook sy steun uitbrei na eerstejaars in die programme BSc Voedselwetenskap, BSc Aardwetenskap, BCom Wiskundige Wetenskappe (Operasionele Navorsing) en BCom Bestuurswetenskappe met die klem op entrepreneurskap en innovasie, logistiek, bemarking en kwantitatiewe bestuur.

Benewens finansiële steun ontvang ISFAP-studente ook omvattende **aanvullende steun**, wat in samewerking met fakulteite en studentestudente dienste voorsien word. 'n Hoogtepunt in 2019 was die

samewerking tussen die US se ISFAP-kantoor en die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture (SSLS) om 'n steunprogram vir ISFAP-tweedejaars te ontwikkel en op die proef te stel.



*Die ontwikkelaars van die US-steunprogram wat in die loop van die jaar onder ISFAP-tweedejaarstudente op die proef gestel is. Van links na regs is Olivia Adams (administratiewe koördineerder van US-ISFAP), Sinegugu Khuzwayo (projekbestuurder van ISFAP-UKZN), Monique Withering (aanlynbestuurder van die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture), Lorene Mayoma (studentassistent), Michelle Munro (Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling) en Anne Havemann-Serfontein (projekbestuurder van US-ISFAP).*

Die steunaanbod, genaamd die **Universale Vaardigheidsprogram**, word deur hibriede leer aangebied. Dit bestaan uit agt modules oor onderwerpe soos kommunikasie, leervoorkeure, leierskap, kritiese betrokkenheid, 'n toekomsvisie, persoonlike handelsmerke en multikulturalisme. Ses van die modules word aanlyn op die SUNLearn-platform aangebied.



*ISFAP-tweedejaars by 'n sessie van die Universale Vaardigheidsprogram. Die US se Viserektor: Leer en Onderrig, prof Arnold Schoonwinkel, was ook daar.*

ISFAP het die US se Universale Vaardigheidsprogram as 'n voorbeeld van **beste praktyk** geloof.

## 2.3 Rektorstoekennings aan studente

Altesaam 92 US-studente is op 30 Oktober by die jaarlikse Rektorstoekennings vir Uitnemende Prestasie vereer. Die doel van die aand was om erkenning te verleen aan studente wat uitgeblink het op gebiede wat wissel van **akademie, sport en kultuur, tot sosiale impak en die ko-kurrikulêre omgewing**.

Die hoofspreker by die geleentheid, **dr Nthabiseng Moleko**, het die SR-toekenning vir uitsonderlike alumni ontvang. Sy dien as die ondervoorsitter van die nasionale Kommissie vir



*Van links, Me Carli van Wyk, uittredende SR-voorsitter, dr Nthabiseng Moleko, die gasspreker, en mnr Anele Mdepa, bestuurder van studente-oorsig.*

Geslagsgelykheid en het haar PhD in Ontwikkelingsfinansies aan die USB verwerf, waar sy in Ekonomiese en Statistiek doseer.

## 2.4 Aansoektendense

Die USB het teen die einde van September altesaam **45 104 eerstejaaraansoeke** met die oog op 2020 ontvang (teenoor 39 629 verlede jaar). Van hierdie aansoeke was 38 102 van nuwelingearstejaar-(NE)-aansoekers (teenoor 33 857 in 2018). Ongeveer 77% van die algehele NE-aansoekerpoel behoort tot die bruin, swart Afrikaan-, Indiërs- en Asiër-(BSIA)-bevolkingsgroep (teenoor 73% verlede jaar).

'n Grafiese voorstelling van aansoektendense die afgelope vier jaar sien soos volg daar uit:



Aansoeke (alle aansoeke en volledige aansoeke) en toelatings (voorlopige aanbiedinge) vir nuwelingaansoekers teen die einde van September vir innames 2017 tot 2020.

Aansoektendense vir die innames van 2017 tot 2020 kan soos volg saamgevat word:

- **Oor die algemeen** het alle aansoeke met 35% toegeneem, en volledige aansoeke met 5%. Voorlopige aanbieding het ook met 10% gestyg.
- Wat ras betref, was daar 'n aansienlike toename in **swart Afrikaan-aansoekers**. Die algehele aansoekerpoel uit hierdie groep het met 80% toegeneem, en volledige aansoeke en voorlopige aanbiedinge met 43%. Boonop het aansoeke en toelatings van **Indiërs- en Asiërs-**studente oor die algemeen toegeneem.
- Hoewel die algehele aantal **bruin aansoekers** toegeneem het, toon volledige aansoeke en voorlopige aanbiedinge 'n effense afname. Die tendense verskil ietwat van jaar tot jaar.
- Met betrekking tot **wit aansoekers** het die aansoekerpoel afgeneem, maar voorlopige aanbiedinge toegeneem.

## 2.5 Groter studentemobiliteit op die vasteland

US Internasionaal konsentreer doelbewus daarop om ons studentemobiliteitsprogram na ander universiteite in Afrika uit te brei om bewusheid te wek van die hoëonderwyssuksesse en - uitdagings op die vasteland. 'n US-studenteaafvaardiging het die **Universiteit van Lagos** (UNILAG), Negerië, in Oktober saam met kollegas van die Sentrum vir Samewerking in Afrika en die Afdeling Studentesake besoek. Die studente, almal lede van die SR vir 2018/19, het met hulle eweknieë gesprek gevoer, 'n oorsig van die gasheerinstelling ontvang, 'n sitting in die Nigeriese parlement bygewoon, en deelgeneem aan UNILAG se eerste internasionale week saam met, onder meer, die Universiteit van Aberdeen, die Duitse Akademiese Uitruildiens (DAAD), Campus France, SOAS (VK) en UK Research and Innovation.

Die besoek het plaasgevind ná nóg 'n betreurenswaardige vlaag **xenofobiese geweld** in Suid-Afrika, wat hierdie keer vergeldingsaanvalle op Suid-Afrikaanse ondernemings in Negerië tot gevolg gehad het. Deur die diplomatieke ingryping van die Suid-Afrikaanse regering is die gespanne omstandighede gelukkig goed genoeg bestuur sodat die besoek kon voortgaan. Nogtans was dit baie amper 'n voorbeeld van hoe streekspolitiek ons internasionaliseringswerk in die wiele kan ry.

## 2.6 Matie Gemeenskapsdiens

Matie Gemeenskapsdiens (MGD) ontwikkel stelselmatig in 'n opleidingsentrum, met inbegrip van 'n plasingsagentskap vir studente. Dít is in reaksie op die **NSFAS-beursvereiste** van 80 uur burgerlike betrokkenheid. Intussen duur **gewone plasings** as deel van kurrikulêre vereistes voort. MGD het die afgelope paar maande toegesien dat 70 Maatskaplike Werk-studente geplaas word by drie laerskole en een nieregeringsorganisasie (NRO) wat op verskillende plekke werk. Daarbenewens het MGD die plasing van 50 Verpleegkunde-studente by organisasies oor die hele Stellenbosch, waaronder vyf NRO's, in die hand gewerk. 'n Terugvoersessie word tans beplan om die praktiese leerervaring vir studente te beoordeel en te versterk.

## 2.7 Bevordering van entrepreneurskap in studentegeledere

Die streeks- en eindrondtes van die **Entrepreneurskap-intervarsity** het in Augustus en September plaasgevind. Die LaunchLab het ten nouste met die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) saamgewerk en beste praktyk uitgeruil om hierdie inisiatief op die been te bring. Die LaunchLab het ook vervoer beskikbaar gestel aan tientalle studentevrywilligers om hierdie jaarlikse viering van innovasie by te woon. Die inisiatief maak deel uit van die DHOO se program vir entrepreneurskapsontwikkeling in die hoër onderwys, en ondersteun en moedig studente-entrepreneurskap by ál 26 openbare universiteite in Suid-Afrika aan. Die doel is om die voorste studente-entrepreneurs by elke universiteit te identifiseer, hulle ondernemings ten toon te stel, en beleggers te nooi om hierdie kohort beginners te ondersteun.

Daarbenewens het die LaunchLab en Innovus saamgewerk om op 9 en 10 September 'n **entrepreneurskapsofenkamp** aan te bied. Altesaam 74 studente van die fakulteite Ingenieurswese, Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regsgeleerdheid sowel as Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het vanjaar se kamp bygewoon. Studente is touwys gemaak oor hoe om 'n waardevoorstel te skep, kliënte te identifiseer en hulle produkte te bemark. Die terugvoering was baie positief, en heelwat studente het versoek dat ons 'n soortgelyke dog meer uitgebreide aanbod ontwikkel wat oor etlike weke of selfs maande strek.

## 2.8 Maties Sport

Maties Sport het die afgelope kwartaal behoorlik eindstreep toe gevlieg deur deel te neem aan, en as gasheer op te tree vir, geleenthede wat direk bydra tot die verwesenliking van strategiese en bedryfsdoelwitte.

**Baan-en-veld**-oorwinnings deur ons studenteatlete is 'n oorhoofse maatstaf van Maties Sport se vordering in die strewe na die Afdeling se strategiese visie.

**Internasionaal:**



Tristan de Lange, 'n BCom-student en lid van Maties Fietsry, het by die Afrikaspiele van 2019 twee goue medaljes vir Namibië verower – in die veldren vir mans en die veldmarathon vir mans.

**Plaaslik:** Maties Sport het Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) se heel eerste e-sporttoernooi aangebied en met die louere weggestap. So ook Maties Kanovaart.

**Varsity Sport:** Maties se netbalspan het tot die eindronde deurgedring, maar het die titel net-net misgeloop. Ook in die sewestoernooi was Maties die naaswenners.

**Maties Sport-toekennings**

Meer as 200 toekennings, waaronder volkleure, is in Oktober by die jaarlikse Maties Sport-galageleentheid oorhandig. Die hooftoekennings was soos volg:

- Klub van die jaar: Maties Hokkie
- Span van die jaar: Maties Netbal se eerste span
- Sportman van die jaar (parasport): Kerwin Noemdo
- Sportvrou van die jaar (parasport): Anika Pretorius
- Sportman van die jaar: David Bedingham
- Sportvrou van die jaar: Jo Prins

### TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie kern strategiese tema word soos volg bespreek in ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#): "As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As 'n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasjonale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US **skakel en saamwerk** met **belanghebbendes**, die **gemeenskappe** wat ons bedien, die **bedryf**, die **regering** en ons **universiteitsvennote** in **plaaslike**, **streeks-**, **vastelands-** en **wêreldverband**. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid".

#### 3.1 Internationaliseringstrategie

Die Rektoraat het op 27 Augustus 'n Internasionaliseringstrategie vir die US goedgekeur, en dit het op 25 September by die Raad gedien. Die strategie is daarop gemik om die Universiteit se status as 'n betroubare **wêreldrolspeler** en 'n **voordeurvennoot** in Afrika te konsolideer. Die strategie bied 'n raamwerk om 'n internasjonale dimensie by alle tersaaklike institusionele prosesse in te sluit.

Boonop verleen dit groter fokus aan die bestaande wye verskeidenheid internasionaliseringaktiwiteite by die US en rig die instelling se pogings om nuwe, ontluikende geleenthede te ontgin. Raadpleeg gerus die afsonderlike verslag deur die Viserektor: Strategie en Internasionalisering vir meer inligting.

### 3.2 Die US-handelsmerk word na nuwe internasionale markte uitgebrei

Ooreenkomsdig die oogmerke van die US se Internasionaliseringstrategie om die US as 'n toonaangewende wêreldspeler in die hoër onderwys te vestig en die huidige kohort internasionale studente verder uit te brei, het die Universiteit deelgeneem aan 'n spesiale **Newsweek**-bylaag oor die voorste universiteite in Afrika. Die blad het deel uitgemaak van die *Newsweek*-uitgawes vir Asië, Europa en die Suid-Pasifie streek. Dít was 'n proef om ons toekomstige denke en besluitneming oor internasionale bemarkingskanale en -platforms te rig. Klik [hier](#) vir die spesiale bylaag, en [hier vir die artikel oor die US](#).

The screenshot shows a red header with the 'Newsweek' logo and navigation links for 'SIGN IN' and 'SUBSCRIBE'. Below the header, a sub-headline reads: 'Thus, the world's top universities are instilling a global perspective in students to best prepare them for an increasingly borderless business environment.' The main title 'Leading Universities in Africa 2019' is in bold black text. A sub-subtitle below it says: 'South Africa presents students with a diverse and complex cultural and educational landscape to immerse themselves in. With the country's trials and tribulations well documented, what is often overlooked is the unique and vibrant nature of the 'Rainbow Nation', including multiple languages, varied and beautiful landscapes and thriving international cities like Johannesburg.' Another section discusses honors courses and research theses. The right side of the page features a photo of a person performing a parkour jump, with the caption 'LEADING UNIVERSITIES IN AFRICA 2019' above it. Below the photo, there's a section for 'Stellenbosch University' from Stellenbosch, South Africa, with a 'READ FULL PROFILE' link.

'n Skermgreep van die artikel oor die US as deel van 'n Newsweek-bylaag oor die topuniversiteite in Afrika.

### 3.3 Internasionale universiteitsalliansie oor klimaat hou nagraadse seminaar

Die US het teen die einde van Mei formeel lid geword van GAUC (die internasionale universiteitsalliansie oor klimaat) toe ons genooi is om Afrika in dié struktuur te verteenwoordig. Tsinghua-universiteit, wat as GAUC-voorsitter dien, het nie tyd verspeel nie, en bied eersdaags sy eerste nagraadse seminaar aan. Lidinstellings se nagraadse studente op die terrein van omgewing- en volhoubaarheidstudie is derhalwe genooi om aansoeke in te dien vir die seminaar, wat beoog om wetenskaplike denke oor wêreldwye klimaatsverandering te ondersoek en verder uit te brei. Drie nagraadse studente van die US is aanvaar om die geleenthed teen die einde van November by te woon. Klik [hier](#) vir meer oor GAUC.

### 3.4 US nou lid van gesogte wêreldwye universiteitskonsortium

Die US se doelbewuste voorneme om by netwerke van die voorste navorsingsgerigte universiteite ter wêreld aan te sluit het 'n reusehupstoot gekry. Die Vergadering van die **Venesiese Internasionale Universiteit** (VIU) – 'n konsortium van 19 universiteite uit 15 lande op vier vastelande, met 'n gemeenskaplike kampus op die San Servolo-eiland in Venesië – het onlangs die US se VIU-lidmaatskap eenparig goedgekeur.

Die US is die **eerste universiteit op die Afrika-vasteland** om tot die geledere van dié groep toegelaat te word ná vergaderings met VIU-leiers en 'n besoek aan VIU deur prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, in Junie 2018.

Die Universiteit se amptelike aansluiting by VIU is op 1 November op Stellenbosch onderteken. Dít is goeie nuus in die lig van al die voordele en geleenthede wat dit vir studente en personeel van die US

inhou ten opsigte van mobiliteitsprogramme, moontlike gesamentlike en dubbelterreingrade, en die nuwe dimensies wat dit tot die US se geïdentifiseerde navorsingsgebiede sal bydra.

Mnr Lorenzo Fioramonti, die Italiaanse Minister van Onderwys, Universiteite en Navorsing, het hierdie ontwikkeling beskryf as 'n lanseerblad vir die versterking van verhoudinge tussen Italiaanse en Suid-Afrikaanse universiteite. Fioramonti het gesê die Italiaanse regering het besluit om saam te werk met en te belê in 'n uitgesoekte groep universiteite met die potensiaal om die grootste impak op wetenskaplike navorsing te hê – nie net in hulle eie lande nie, maar wêreldwyd. Die US maak volgens hom deel uit van hierdie groep invloedryke instellings.

### 3.5 Minister ontvang SASUF-verklaring oor hoëronderwysvennootskappe

Die verklaring oor onderwys-, navorsings- en innovasievennootskappe wat die Suid-Afrika-Swede-universiteitsforum (SASUF) vroeër vanjaar by die US aanvaar het, is op 1 November aan die Minister van Hoë Onderwys, Wetenskap en Tegnologie, **dr Blade Nzimande**, voorgelê. Prof Hester Klopper van die US en prof Stephanie Burton van die Universiteit van Pretoria het die verklaring in Pretoria oorhandig.

'n Resolusie met dié strekking is **in Mei by die SASUF-leierskapsberaad by die US** aanvaar. Die beraad was 'n samekoms van visekanseliers en viserektore van **36 universiteite** in Suid-Afrika en Swede om samewerking op die gebied van onderwys, navorsing en innovasie verder te versterk.

In die breë het die SASUF-leierskap besluit om op die Suid-Afrikaanse en Sweedse regerings 'n beroep te doen om:

- **navorsings- en onderwysvennootskappe** te bevorder en te faciliteer – deur toepaslike finansiering en 'n buigsame finansieringskema vir samewerking tussen Suid-Afrika en Swede te verseker;
- buigsame **mobiliteit** vir studente en PhD-kandidate te bevorder – deur bestaande finansieringstrukture te versterk en nuwes te skep waar daar leemtes bestaan;
- samewerking met betrekking tot Agenda 2030 van die Verenigde Nasies te bevorder – deur voorsiening te maak vir navorsing- en onderwyssamewerking wat spesifiek met die **volhoubare ontwikkelingsdoelwitte** verband hou; en
- die ontwikkeling van die **volgende generasie akademici** te faciliteer – deur toekenningsprogramme aan te voor wat spesifiek op ontluikende navorsers in Suid-Afrika en Swede afgestem is.


"Die samewerking tussen Suid-Afrika en Swede sal innoverende benaderings en resultate oplewer en 'n wye reeks oplossings verskaf wat nie andersins moontlik sou gewees het nie," het dr Nzimande gesê.

Die derde Suid-Afrika-Swede-navorsing-en-innovasieweek word van 4 tot 8 Mei 2020 in Uppsala, Swede, gehou.

### 3.6 Bilaterale ooreenkomste

In die eerste nege maande van die jaar is **29 vennootskapssooreenkomste** aangegaan, waarvan 16 nuut en 13 hernu/verleng is (sien hieronder).

Daar is 'n sterk verband tussen die verspreiding van vennootskapsooreenkomste en internasionaliseringsteunaktiwiteite wat met die internasionalisering van die kurrikulum verband hou. Die groot getal Duitse vennootskapsooreenkomste en -hernuwings is 'n historiese nalatenskap, maar ook gekoppel aan die grade BCom Internasionale Besigheid en BScEng. Albei hierdie graadprogramme verg studenteuitruilooreenkomste om US-studente aan die mobiliteitsvereistes van hulle programme te help voldoen.



### Nuwe ooreenkomste aangegaan (Jul–Okt 2019)

Instelling	Land	Tipe	Vlak	Datum onderteken
Universiteit van Wes-Sydney	Australië	Memorandum van verstandhouding (MvV)	Institutioneel	23 Jul
Rensselaer Politegniese Instituut	Verenigde State	MvV	Institutioneel	28 Aug

### Ooreenkomste hernu (Jul–Okt 2019)

Instelling	Land	Tipe	Vlak	Datum onderteken
Queensland Universiteit vir Tegnologie	Australië	MvV	Institutioneel	5 Sept
Queensland Universiteit vir Tegnologie	Australië	Studenteuitruilooreenkoms	Institutioneel	5 Sept

### 3.7 Skakeling met internasionale venote

US Internasional het deelgeneem aan die Hamburgse konferensie vir strategiese venote, wat deur die Universiteit van **Hamburg**, Duitsland, aangebied is (September), en die Tilburgse internasionale vennootweek, waarvoor die Universiteit van **Tilburg**, Nederland, gasheer was (Oktober). Albei byeenkomste het geleenthede gebied om US Internasional se programme met venote s'n te vergelyk en bilaterale aktiwiteite met ander instellings te bespreek, waaronder die HSE Nasionale Navorsingsuniversiteit, Moskou (Rusland), Université de Strasbourg (Frankryk), Northwestern-universiteit (Verenigde State), die Universiteit van Groningen (Nederland), Fudan- en Renmin-universiteite (China) en Nanyang Tegniese Universiteit sowel as die Bestuursuniversiteit van Singapoer (albei van Singapoer). Nuwe verhoudings is aangevoor met die Sint Petersburg-staatsuniversiteit en die HSE Nasionale Navorsingsuniversiteit, Sint Petersburg (albei van Rusland), sowel as met Universidad de los Andes en Universidad del Rosario (albei van Colombia).

Albei geleenthede het bevestig dat die US se pas aanvaarde Internasionaliseringstrategie met **internasionale beste praktyk** strook wat betref doelbewuste, omvattende internasionalisering wat alle vlakke en belanghebbendes van die universiteit betrek. Aanbiedings het ook daarop gedui dat US Internasional se prosesontwikkeling met betrekking tot globale leer tot die internasionale diskors oor die internasionalisering van leer en onderrig kan bydra.

Die US Biblioteek het teen die einde van Julie drie besoekers van die biblioteek van die Universiteit van **Namibië** (UNAM) ontvang. Hulle was hier om hulle kern- en ontwikkelende bedrywighede met dié van die US se Biblioteek- en Inligtingsdiens te vergelyk.

### 3.8 Klem op Afrika

Een van die institusionele doelstellings in ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* is om ons Afrikavennootskappe te versterk en uit te brei. US Internasional se Afrikasentrum vir Akademieskap (ASA) het gedurende die verslagtydperk aan 'n aantal aktiwiteite deelgeneem om in dié verband momentum te behou.

'n US-afvaardiging het die **hoofkantoor van die Afrika-unie (AU)** in Addis Abeba, Ethiopië, besoek om met die Direktoraat van Wetenskap, Tegnologie en Innovasie sowel as met dr Johannes Woldetensae, senior onderwyskenner, te ontmoet. Die doelwitte van die vergadering was om die ASA en sy programme aan die AU bekend te stel, meer uit te vind oor die AU se werk op hoëronderwysgebied, leiding te vra oor vennootskappe wat van waarde kan wees, en wenke vir moontlike samewerking te ondersoek.

Op sy beurt het die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) van 21 tot 23 Oktober 'n **kollokwium oor navorsing in Afrika** aangebied. Verskeie organisasies van verskillende dele van die vasteland het oor hulle ervarings en insigte kom gesels, uitdagings en geleenthede bespreek, en sinergieë in 'n gees van samewerking en onderlinge ondersteuning verken. Prof Sarah Howie, ASA-direkteur, het aan 'n paneel oor gender en navorsing in Afrika deelgeneem.

Die ASA en ons Afrika Doktorale Akademie (ADA) het ook 'n **plakkaat aangebied by 'n konferensie van die Duitse Akademiese Uitruildiens (DAAD)**. Die geleentheid, wat oor belegging in die hoër onderwys en vaardighede in Afrika gehandel het, het op 25 Oktober in Brussel plaasgevind.

Daarbenewens het prof Howie 'n **hoofartikel** geskryf oor die US se bedrywigheude in verband met die Vereniging van Statebondsuniversiteite (ACU) en die programme van ons ASA vir 'n saamgestelde publikasie van die ACU, wat op 3 Oktober verskyn het.

Die ASA en KU Leuven het die eerste **gesamentlike doktorale skool in Ethiopië** in samewerking met drie Ethiopiese universiteite (Mekelle, Arba Minch en Bahir Dar) aangebied. Dit het van 4 tot 17 Augustus by die Universiteit van Mekelle plaasgevind en 43 afgevaardigdes het deelgeneem.

Die eerste gesamentlike skool in **Rwanda** is van 1 tot 4 Oktober by die Universiteit van Rwanda in Kigali aangebied met die klem op akademiese skryfvaardighede. Die twintig deelnemers van vier kampusse van die universiteit was almal universiteitspersoneellede, van tutoriaalassistentes tot 'n senior dosent, op vakgebiede soos konflikbestuur, opvoedkunde en ekonomie.

By die skryf van hierdie verslag was voorbereidings ook aan die gang vir die eerste gesamentlike skool by die Universiteit van Lagos, **Nigerië**, van 18 tot 22 November.

Benewens sy jaarlikse somer- en winterskole, het die **ADA** ook van 14 tot 16 Oktober sy **eerste lenteskool** vir 19 afgevaardigdes aangebied. Die skool het gehandel oor data-insameling deur middel van onderhoude, waarneming en vraelyste. Dit was afgestem op studente in die vroeë fases van nagraadse studie wat graag wou leer hoe om hulle navorsingsinstrumente of data-insamelingstrategieë te ontwerp en te implementeer.

Reëlings vir die **ADA-somerskool** vir 2020 is goed op dreef. Altesaam 21 werksessies word beplan met fasilitateerders van die US, Boston-kollege (Verenigde State), die Kaapstadse Musiekakademie, die SAUK, Creighton-universiteit (Omaha, Verenigde State), KU Leuven (België), die Universiteit van St Gallen (Switserland), Trinity College Dublin (Ierland) en die Universiteit van Nebraska (Lincoln, Verenigde State).

Benewens die aktiwiteite hierbo, het US Internasional se Sentrum vir Samewerking in Afrika (SSA) die aansoekproses vir die **Afrikasamewerkingstoelaag** met die oog op aktiwiteite in die eerste semester van 2020 voltooi. Vyftien aansoeke is ontvang en tien toelaes ter waarde van R619 500 is toegeken.

### 3.9 Besoekende afvaardigings

Deur besoekende afvaardigings te ontvang, het US Internasionaal voortgegaan om nuwe vennootskappe te ondersoek en bestaandes uit te bou.

#### Besoekende deur verteenwoordigers van instellings wat wil bande smee:

- Tegniese Universiteit Nanjing (China) aan Prosesingenieurswese
- Universiteit van Bordeaux (Frankryk) aan Wingerd- en Wynkunde
- Pardubice-universiteit (Tsjeggiese Republiek) aan Naoestegnologie
- Universiteit van Réunion (Frankryk) vir samewerking op die gebied van ingenieurswese en tegnologie
- Tampere-universiteit (Finland) en die Malawiese Universiteit vir Wetenskap en Tegnologie (Malawi) aan die Fakulteit Natuurwetenskappe

#### Besoekende deur verteenwoordigers van vennootinstellings:

- Humboldt-universiteit Berlyn (Duitsland) om die US te nooi om saam te werk aan 'n DAAD-projek oor die ontwikkeling van nuwelingnavorsers, en 'n EU-projek oor die digitalisering van internasionalisering
- Universidade de São Paulo (Brasilië) om bestaande samewerking na die gebiede van ekonomie en bestuur uit te brei
- Normaaluniversiteit Zhejiang (China) om samewerking na Innovus uit te brei
- Christelike Universiteit Texas, Houston (Verenigde State) om studentemobiliteit vir 2020 te bevestig
- Karlsruhe Universiteit vir Toegepaste Wetenskappe (Duitsland) om oor uitruilplekke vir studente in BCom Internasionale Besigheid en in die internasionale Ingenieurswese-uitruil-en-internskapprogram ooreen te kom
- TU Dresden (Duitsland) om samewerking buite Chemie en Polimeerwetenskap uit te brei

#### Besoekende met betrekking tot/van regerings, internasionale organisasies of ontwikkelingsagentskappe

Ek het op 28 Oktober verteenwoordigers van 15 lande – almal lede van die **konsulêre korps Kaapstad** – ontvang. Ek het hulle van ons visie en strategiese plan vertel en kollegas het oor ons nuwe Internasionaliseringstrategie en die pas gestigte US Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke gesels.

Prof Hester Klopper het ook in die verslagtydperk 'n tafelrondegesprek oor hoëronderwys- en universiteitsamewerking tussen **Europa en Suid-Afrika** by die Universiteit van Pretoria bygewoon. Hierdie gesprek met die **Italiaanse** Minister van Onderwys, Universiteite en Navorsing, mnr Lorenzo Fioramonti, en ander uitgelese verteenwoordigers van die Italiaanse hoëronderwyssektor het gehandel oor die rol van universiteite om bilaterale samewerking te versterk. Deelnemers het ook beraadslaag oor die ontwikkeling van wetenskaplike vennootskappe om sowel Italië as Suid-Afrika se toekomstige vaardighedsuitdagings die hoof te bied.

Daarbenewens het Innovus en US Internasionaal op 10 September aan 'n wetenskap-bestuur-samewerkingsvergadering deelgeneem om geleenthede vir **samewerking tussen Suid-Afrika en China** te ondersoek. Die Wetenskapakademie van Suid-Afrika (ASSAf) en die provinsiale departement van wetenskap en tegnologie van Zhejiang was medegashere van die geleentheid, wat by die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum aangebied is.

Die US se Global Education Centre het ook met Heidi Manley, die hoof van USA Study Abroad in die Buro vir Onderwys- en Kultuursake in die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake, sowel as kollegas van die Amerikaanse konsulaat-generaal in Kaapstad ontmoet.


### 3.10 Besoeke aan China en Duitsland



Ek en prof Hester Klopper het in die laaste twee weke van Oktober 'n uitgebreide besoek aan China en Duitsland onderneem om samewerking en strategiese vennootskappe met van die voorste navorsingsintensiewe universiteite ter wêreld te formaliseer – Tsinghua-universiteit, die Universiteit van Xiamen, die Universiteit van Zhejiang en die Technische Universität Dresden. Terwyl ons in China was, het ons ook die Chinese Jaarkonferensie vir Internasionale Onderwys in Beijing bygewoon. En tussendeur het ons in aanraking gekom met 'n USAf-afvaardiging wat ook in China was (*sien hiernaas*).

**Tsinghua-universiteit, Beijing (14 Oktober):** Ná die eerste uitvoerende vergadering van GAUC (die internasionale universiteitsalliansie oor klimaat) in Beijing vroeër vanjaar het die US en Tsinghua-universiteit ook formele samewerking op ander gebiede as volhoubaarheid en klimaatsverandering ondersoek. Ons het besluit om 'n gesamentlike fonds tot stand te bring om spesifieke mobiliteitsinitiatiewe ter ondersteuning van gesamentlike magister- en PhD-programme te finansier. Die fonds sal ook die gesamentlike aanstelling en uitruiling van personeel ondersteun om toegewyde onderrig en leer sowel as navorsingsprojekte tussen die US en Tsinghua moontlik te maak.

**Universiteit van Xiamen, Fujian (15 Oktober):** Die besoek aan die Universiteit van Xiamen in Fujian het samwerkingsgeleenthede op 'n aantal terreine ontsluit, waaronder studente- en personeeluitruilaksies, gesamentlike magister- en PhD-programme, navorsingsamewerking, en voortgesette steun vir die Confucius-instituut by die US. Die Universiteit van Xiamen is deel van 'n Chinese staatsuniversiteit om 36 voorste Chinese universiteite in wêreldklasinstellings te help omskep.



Prof Rong Zhang (regs),  
President van die Universiteit  
van Xiamen, saam met die US  
se prof Wim de Villiers.

**Universiteit van Zhejiang, Hangzhou (16 Oktober):** Die doel was om



By die Universiteit van Zhejiang.

ondersoek in te stel na samewerking tussen die universiteite van Zhejiang, Bath, Edinburgh en die US, sowel as die vestiging van 'n instituut tussen die Universiteit van Bath en die US op Zhejiang se internasionale kampus. Samwerkingsgeleenthede wat nou verder verken sal word, sluit in studente-uitruilprogramme, 'n somerskool in samewerking met die Universiteit van Edinburgh en die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modellering en Analise (SACEMA), 'n kursus in Datawetenskap, dubbelterreinprogramme op magister- en PhD-vlak, 'n MBA in Gesondheidsbestuur, en bestuurskursusse in samewerking met die bestuurskole van die universiteite van Zhejiang en Bath.

**Chinese Jaarkonferensie vir Internasionale Onderwys, Beijing (17–19 Oktober):** Die tema van die 20ste Chinese Jaarkonferensie vir Internasionale Onderwys was “Onderwys 2035 – die toekoms van gesprek met die wêreld”. Afgevaardigdes het die modernisering van onderwys in China ondersoek om meer uitwaarts gerigte onderwys te bevorder en gesamentlik ’n bloudruk vir die ontwikkeling van internasionale onderwys op te stel. Die konferensie het ons denke oor internasionalisering bevestig en verryk, en die rol en waarde van studente- en personeelmobiliteitsprogramme onderstreep.

**Technische Universität Dresden (TU Dresden), Duitsland (23 Oktober):** Die Rektor van TU Dresden het die US vir ondersoekende gesprekke oor strategiese vennootskappe tussen die twee instellings genooi. TU Dresden is een van 11 Duitse instellings wat deur die Duitse Raad vir die Natuur- en Geesteswetenskappe as universiteite van uitnemendheid aangestel is. Hiervoor is ’n hoogs mededingende keuringsproses met ’n deskundige kommissie van sowat 200 uitgelese akademici van internasionale instellings gevolg. Ons ondersoek tans verskillende moontlikhede om ons gesamentlike impak en sigbaarheid op ’n aantal wetenskaplike terreine te versterk.

### 3.11 Internasionale onderwyskonferensie

US Internasional het ons van 23 tot 25 September by die jaarlikse konferensie van die **Europese Vereniging vir Internasionale Onderwys** (EAIE) in Helsinki, Finland, verteenwoordig. Sowat 6 000 deelnemers van oor die hele wêreld was daar en kon onder meer ’n Study South Africa-tent besoek. Die konferensie het ’n geleenthed gebied om met ons internasionale vennote te ontmoet, opnuut kontak te bewerkstellig en verhoudings te versterk, oor vordering en uitdagings te gesels, koppe bymekaar te sit oor oplossings, en die implementering van Erasmus+-mobiliteitsprogramme vir 2020 te beplan. Altesaam 34 vergaderings is oor twee en ’n halwe dae met 34 bestaande en moontlike vennote gehou. Me Sarah van der Westhuizen het boonop van die geleenthed gebruik gemaak om in aanraking te kom met US-uitruilstudente wat tans aan die Universiteit van Helsinki studeer.

### 3.12 Internasionalisering van PhD-studies

Die internasionalisering van doktorsgraadstudies word bevorder deur toegang tot ’n aanlyn finansieringsdatabasis genaamd **Open4YEBO**. Dít maak deel uit van die **Europese Unie**-gefinansierde projek YEBO!, ’n vermoëbouprogram vir die hoër onderwys waaraan die Nagraadse Kantoor deelneem. Daarbenewens het die Nagraadse Kantoor saam met die Universiteit van Kaapstad (UK) ’n opleidingssessie aangebied oor die ontwikkeling van ’n gereedskapsvir die bestuur van internasionale PhD-samewerkingsprogramme. Die doel was om vermoë te bou om gesamentlike internasionale inskrywings te ondersteun.

### 3.13 Eerste Nasionale Hoëronderwyskonferensie

**Universiteite Suid-Afrika (USAf)** se eerste Nasionale Hoëronderwyskonferensie het van 2 tot 4 Oktober in Pretoria plaasgevind. Die sowat 250 afgevaardigdes het ingesluit akademici, navorsers en professionele steunpersoneel van sowel openbare as privaat universiteite, beleidvormers van die regering, verteenwoordigers uit die sakesektor en bedryf, en belangstellende lede van die publiek.

Die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Tegnologie, dr Blade Nzimande, het die konferensie geopen en sprekers van die Vereniging van Statebondsuniversiteite, die Universiteit van Oslo sowel as die Verenigde State Internasionale Universiteit in Nairobi het internasionale bydraes gelewer.

Die konferensie se tema was “**Herskep Suid-Afrika se universiteite vir die toekoms**”. Dit het ’n wye verskeidenheid onderwerpe ondersoek, van die vorming van die institusionele kultuur van ’n universiteit, en nuwe tegnologieë vir die toekomstige arbeidsmark, tot innoverende onderrigbenaderings, en die ontwikkeling van entrepreneurstudente by entrepreneursuniversiteite. Navorsing en finansiering was ook op die agenda.

Hoofsessie-onderwerpe het ingesluit die implikasies van die Vierde Industriële Revolusie vir universiteite, 'n nuwe blik op sistemiese gehalteversekering, en interessante ontwikkelings op die gebied van oop toegang tot vakkundige publikasies. Wegbreeksessies het oor aspekte soos kurrikula vir die toekoms, etiek en integriteit in navorsingspublikasie sowel as infrastruktuur vir 'n groeiende en ontwikkelende sektor beraadsblaag. Al die gesprekke het aangesluit by USAf se vyf strategiegroepe, naamlik (i) onderrig en leer, (ii) navorsing en innovasie, (iii) transformasie, (iv) finansiering, en (v) die arbeidswêreld.

Prof Stan du Plessis, ons Bedryfshoof, en dr Ronel Retief, ons Registrateur, het by my aangesluit vir die geleentheid. Ek het afgevaardigdes ook in my hoedanigheid as USAf-ondervorsitter welkom ([klik hier](#) vir 'n nuusberig).

Nog **USAf**-nuus is dat dié organisasie my 'n paar weke later (op 23 Oktober) met ingang van 1 Januarie 2020 vir 'n **tweede termyn** van twee jaar as **ondervorsitter** aangewys het. Prof Sibongile Muthwa, die visekanselier van Nelson Mandela Universiteit, sal dan ook die leisels as USAf-voorsitter oorneem by prof Thandwa Mthembu, visekanselier en hoof van die Durbanse Universiteit vir Tegnologie.

### 3.14 In gesprek met die Dalai Lama

**Prof Pumla Gobodo-Madikizela**, die bekleer van die US se navorsingsleerstoel in Studies oor Historiese Trauma en Transformasie, was een van twee internasionale vakkundiges wat op 1 November met die Dalai Lama in gesprek getree het oor die tema van deernis, onderlinge verbondenheid en transformasie. Die Amerikaanse evolusionêre bioloog David Wilson, 'n professor in Biologiese Wetenskappe en Antropologie aan die Universiteit van Binghamton, was die ander gespreksgenoot.

Die gesprek, wat regstreeks oor die internet uitgesaai is ([klik hier](#) vir 'n opname), was 'n inisiatief van die Mind and Life Institute, wat reeds die afgelope 30 jaar met die Dalai Lama saamwerk. Die bekende Chileense neurowetenskaplike Francisco Varela was medestigter van die instituut, wat groter skakeling tussen die neurowetenskap en Boeddhistisme bevorder. Die missie van die instituut is om oordeningspraktyke by verskillende wetenskaplike terreine in te sluit, ons gedeelde mensheid uit te lig, en mense tot optrede aan te spoor.

Prof Gobodo-Madikizela, 'n toonaangewende navorsing op die gebied van trauma, vergifnis en empatie, sê sy was besonder geëerd om aan die interaksie te kon deelneem. Sy is gekies op grond van haar boek *A Human Being Died that Night: A South African Story of Forgiveness*. In die publikasie besin sy oor haar werk in die Waarheid-en-versoeningskommissie, veral ure lange onderhoude met die voormalige Vlakplaas-bevelvoerder Eugene de Kock.

### 3.15 Alumni skakeling

Meer as 65 kommunikasies, waaronder nuusbrieue, uitnodigings en kennisgewings van geleenthede, is gedurende die afgelope kwartaal per e-pos aan alumni van verskeie koshuise, fakulteite, departemente en verenigings gestuur. 'n Hele aantal skakelingsgeleenthede het die Matie-familie help verstrek deur alumni van alle generasies saam te snoer.

Etlike **internasionale** alumniskakelingsgeleenthede is in die **Verenigde State (VS)**, **Verenigde Koninkryk (VK)** en **Europa** aangebied. Hierdie geleenthede is deur alumni in stede soos New York, Dublin, Cardiff, Edinburgh, Amsterdam, Parys, Zürich, Basel, Dusseldorf en Frankfurt bygewoon. Die terugvoering van ons alumni was besonder positief, en ons span sien daarna uit om hierdie bande te verstewig en op dié sterk grondslag voort te bou.

Gedurende die besoek aan die VK om met skenkers en alumni te ontmoet, het ek op 15 September deelgeneem aan die **Londen-na-Brighton-fietsrit** om geld in te samel vir studiebeurse by Maties. Ek was verheug dat die US se Studenteraadsvoorsitter vir 2018/19, me Carli van Wyk, sowel as die US-

alumni en -vriende Chris Pauw, Chris Donn, Abraham Botha en Anthony Bragg die pad saam met my aangedurf het. Die opbrengs was ten bate van ons pas gestigte VK/EU-beursfonds, wat beoog om akademies begaafde dog finansieel benadeelde studente aan die US die geleentheid te bied om hulle volle potensiaal te verwesenlik. Ons het ons mikpunt van £7 500 verbygesteek, wat genoeg is vir 'n volle beurs vir een student vir 'n jaar, met inbegrip van klasgeld, huisvesting, kos en handboeke.

**Terug op Suid-Afrikaanse bodem** het ons in September alumninetwerkgeleenthede in **Port Elizabeth** en **Pretoria** aangebied. Die Pretoria-geleentheid het 'n uitvoering deur die US Koor vir meer as 600 alumni in Unisa se ZK Matthews-saal ingesluit. Die goeie opkoms en positiewe terugvoering het bevestig dat daar groot belangstelling is in meer gereelde optredes deur ons wêreldkampioenkoor in Gauteng, wat sodoende 'n platform sal bied vir alumni in die noorde van die land om weer met hulle alma mater in aanraking te kom. Dr Leslie van Rooi het alumni by 'n geselligheid voor die uitvoering toegespeak.

Nog een van die skakelingsaktiwiteite wat Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge (OAB) aangebied het, was die byeenkoms van die **Tygerbergstudenteleiersnetwerk**. Hiervoor het Tygerbergstudenteleiers van 1971 tot 2019 vir 'n aand van netwerkvorming en interaksie bymekaargekom. Sowat 40% van die gaste was alumni.

OAB het ook met die Afdeling Studentesake saamgewerk om die uittredende **Studenteraad (SR)** vir hulle dienste te bedank. Voormalige SR-lede, deesdae alumni, van die Universiteit het ook hierdie geslaagde geleentheid by STIAS bygewoon.

Daarbenewens is **Die Matie-persklub** op 4 Oktober bekend gestel om dié ikoniese studentekoerant se alumninetwerk uit te brei. Die tema van die eerste byeenkoms was die waardes van die media in ons ontluikende demokrasie, en die paneel wat oor hierdie aangeleentheid beraadslaag het, het uit die joernaliste Max du Preez, Pieter-Louis Myburgh en Janet Heard bestaan (*sien foto regs*). Die terugvoering was uitstekend, en daar word reeds planne beraam om dit 'n jaarlike geleentheid vir alle alumni, Joernalistiekstudente en ander belangstellende partye te maak.



*Paneellede aksie by die heel eerste byeenkoms van Die Matie-persklub.*

Die geselligheid van die **Primkomiteevoorsittersnetwerk** het vanjaar by Lourensford met Christo Wiese as gasheer plaasgevind. Die alumni het staaltjies en herinneringe uitgeruil en die pas verkose Primkomiteevoorsitter vir 2019/20 verwelkom. OAB het ook 'n aantal **Huiskomitee-(HK-)opleidingsessies** vir pas verkose koshuisleiers aangebied om die US se vooralumniprogram verder te versterk.

Ook die **Maties Krieket-alumninetwerk** is van stapel gestuur met 'n aangename kuier-en-geselsdag. 'n Ses-aan-'n-kant-toernooi is voorafgegaan deur 'n veiling van studentespelers om by elke span aan te sluit. Alle opbrengste is aan die Maties Krieket-beursfonds geskenk.

Boonop was die bekendstelling van die **Dok Craven Maties Rugby-gholfdag** 'n reusesukses, en meer as 130 alumni en vriende van die US het deelgeneem. Die uithalergholf, aansienlike pryse, gesellige aandete, goeie vriende en uitmuntende Matiegees het hierdie geleentheid se plek op OAB se jaarlikse aktiwiteitskalender verseker.

Die **reünie van die Siviele Ingenieurswese-klas van 1979** het gedurende die verslagtydperk plaasgevind. Veertig alumni het vir 'n naweek byeengekom. Aktiwiteite het ingesluit 'n kampusrondleiding, 'n wynproe by L'Ormarins, middag- en aandete op Stellenbosch – en uiteraard ook baie staaltjies! Die dekaan van Ingenieurswese, prof Wikus van Niekerk, het die groep

verwelkom, waarna die hoof van Siviele Ingenieurswese, prof Jan Wium, hulle op 'n toer van die huidige fasiliteite van die Departement vergesel het.



*Die Siviele Ingenieurswese-klas van 1979 by die Ingenieurswese-kompleks.*

OAB se **Alumnibetrekkings-fakulteitsforum** is ook die afgelope kwartaal bekend gestel en deur verteenwoordigers van nege van die US se tien fakulteite bygewoon. Die versterking van hierdie vennootskap sal samewerking oor fakulteite heen bevorder. 'n Voorgestelde kalender van aktiwiteite en skakelingsgeleenthede vir 2020 sal deel uitmaak van die interaksie met forumlede om 'n inklusiewe en verenigde gemeenskap van US-alumni te bou.

### 3.16 Stellenbosch Netwerk bekendgestel

**Innovus** was op 6 November gasheer vir die amptelike bekendstelling van die Stellenbosch Netwerk (SN), waar prof Thuli Madonsela, bekleer van die leerstoel in sosiale geregtigheid in die US se Fakulteit Regsgeleerdheid, as gasspreker opgetree het. Die US is een van die stigterslede van die netwerk, synde 'n ledeplatform wat hom vir **inklusiewe ekonomiese groei** op en om Stellenbosch beywer deur idees uit te ruil en samewerking en vennootskap te bevorder.

Die netwerk sal oor dissiplines en sektore heen werk om plaaslike sake, die akademie, entrepreneurs, beleggers, navorsers, studente, klein, medium- en mikro-onderneemings (KMMO's), kennisinstellings, plaaslik geleë multinasionale maatskappye sowel as plaaslike regering byeen te bring om Stellenbosch as 'n **kennisstreek-ekonomie** te vestig. Ander stigterslede sluit in Remgro, Capitec, Nedbank, Entersek, Wesgro, Winetech, die nasionale Departement van Wetenskap en Innovasie (voorheen Wetenskap en Tegnologie) en Stellenbosch Munisipaliteit.

Die SN-webtuiste ([www.stellenboschnetwork.co.za](http://www.stellenboschnetwork.co.za)) sal as platform dien om entrepreneurs en innoveerders te lys en op te spoor, aktiwiteite en geleenthede op Stellenbosch aan te kondig, die jongste nuus oor plaaslike entrepreneursuksesse bekend te maak, en geleenthede vir samewerking te adverteer.

Die netwerk is die geesteskind van me Camille de Villiers, 'n tegnologieoordragbeampte by Innovus. Innovus het 'n ekstern gefinansierde bedryfsbestuurder, Hanli Brink, aangestel om die SN se stigting en werksaamhede te bestuur.

### 3.17 Uitreik na Swellendam

Ek was bevoorreg om op Saterdag 26 Oktober die hoofspreker by die jaarlikse ontbyt van die **Swellendam-beursfonds** te wees. Dit het by die Sekondêre Skool Swellendam op Railton plaasgevind en is deur 'n rekordgetal van 150 gaste bygewoon.

Die fonds is in 2005 gestig om hulde te bring aan die 21 leerders, ses onderwysers en 'n busbestuurder wat in 1975 hulle lewens in 'n busongeluk op Swellendam verloor het. Net minder as R1,8 miljoen is oor die afgelope 14 jaar ingesamel, wat gebruik is om 245 studente finansiell by te staan – ofskoon met aanvullende financiering van R4 000 per ontvanger elke jaar.

Ek het in my toespraak klem gelê op **die belang van hoër onderwys vir plattelandse gebiede** soos Swellendam. Boonop het ek plaaslike leerders aangemoedig om by die US aansoek te doen. Ek het die grotendeels Afrikaanssprekende gehoor gerusgestel dat die US steeds daartoe verbind is om Afrikaans – in samehang met Engels – teen die agtergrond van inklusiwiteit en meertaligheid as 'n onderrigtaal te gebruik. Trouens, die ontbyt het plaasgevind enkele weke nadat die Konstitusionele Hof op 10 Oktober die US se Taalbeleid van 2016 die groen lig gegee het. Sowel Engels as Afrikaans word by die US as onderrigtale gebruik – Engels om niemand uit te sluit nie, en Afrikaans om steeds voorsiening te maak vir die aansienlike getal studente wat jaarliks onderrig in Afrikaans vereis.

Die US is reeds geruime tyd op Swellendam betrokke. Van ons mediese studente ontvang jaarliks kliniese opleiding by die Swellendam-hospitaal, en die Universiteit het in 2010 navorsing oor gemeenskapsprojekte vir die Railton-stigting van Nederland onderneem.



*Prof Wim de Villiers (middel), saam met studenteleiers van die Sekondêre Skool Swellendam en een van hul onderwysers, mnr Neville Sefoor (regs).*

### 3.18 Sosiale Impak-simposium

Vanjaar se Sosiale Impak- (SI-)simposium is op 6 September onder die tema "Sosiale impak deur leer en onderrig en navorsing: Versterk etiese vennootskappe" aangebied. Die doel was tweerlei: (i) om te besin oor vordering met die implementering van sosiale impak as 'n strategiese prioriteit van die US, en (ii) om beter te verstaan hoe inisiatiewe vir sosiale impak deur etiese en doelgerigte vennootskappe geïmplementeer word.

Die verrigtinge het ook 'n paneelbespreking oor die etiese beginsels van sosiale impak ingesluit. Paneeldele was:

- John Volmink, Umalusi;
- Vhonani Netshandama, Suid-Afrikaanse Hoëronderwysgemeenskapskakelingsforum (SAHECEF);
- Otto van Noie, Stellenbosse Ko-bestuursforum; en
- Caroline Peters, Kaapse Vlake-vrouebeweging.

Die simposium het afgevaardigdes die geleentheid gebied om oop gesprek te voer oor hoe instellings op 'n sinvoller manier met eksterne gemeenskappe kan skakel om gemeenskaplike waarde te skep.



*Deelnemers aan die Sosiale Impak-simposium van 2019*

Daarbenewens het die volgende inisiatiewe wat aanvangsfinansiering vir 2019 ontvang het, by die simposium aanbiedings gedoen:

- Die gebruik van 'n fotonovelle om tikmisbruik te bestry – Burt Davis, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Wetenskapkommunikasie: Genadental-gemeenskap – Rhoda Malgas, AgriWetenskappe
- Kayamandi-rivierenootskap – Leanne Seeliger, US Waterinstituut.

Die **SI-komitee van die Senaat** het op 10 Oktober vir sy laaste vergadering van die jaar byeengekom. Op die agenda was onder meer 'n vorderingsverslag oor SI-aanwysers, die uitslag van die tweede rondte van SI-finansiering, regulasies oor die gebruik van foto's wat op sosiale media versprei word, en oop kommentaar op die Sosiale Impak-simposium. Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het ook 'n aanbieding oor sy SI-inisiatiewe gedoen.

### 3.19 Transformasie Indaba

Die Transformasiekantoor het op 17 Oktober die US se derde jaarlikse Transformasie Indaba aangebied. Die geleentheid het gereageer op die vraag **#StelliesWhereAreYou?** wat gedurende die onlangse aktiwiteit teen geslagsgebaseerde geweld op sosiale media gestel is. Die dag het met 'n hoofrede deur prof Loretta Feris, die Universiteit van Kaapstad se adjunkvisekanselier vir transformasie, begin. Daarna het kommentaar en bydraes op die gebiede van menslike hulpbronne, studentesake, navorsing, onderrig en leer sowel as transformasie-infrastruktuur gevolg. Die namiddagsessie het uit robuuste tafelrondegesprekke oor hierdie temas bestaan.

Die Transformasie Indaba vind **volgende jaar op 22 Oktober** plaas.

### 3.20 Woordfees, WOW en US Koor

Die 21ste US Woordfees – met Toyota as borg – vind plaas van 6 tot 15 Maart 2020. By die skryf van hierdie verslag sou die program op 18 November 2019 bekend gestel word. Die tema vir volgende jaar se fees is **"Aanhou beweeg en geraas maak"** na aanleiding van digter Jan Rabie se bekende woorde. 'n Finansiële bestuurder is aangestel om 'n **nuwe bedryfsmodel** vir die fees te help skep en implementeer. Aanstaande jaar se Woordfees sal na verwagting meer as 100 000 besoekers lok.

Die eindrondte van die jaarlikse Sanlam Woorde Open Wêrelde- (WOW-)spelfees – 'n Woordfees-uitrekprogram – het op 19 Oktober op Stellenbosch plaasgevind. Meer as **700 skole uit ál nege provinsies** het in Afrikaans, Engels Eerste Addisionele Taal en Xhosa deelgeneem (laasgenoemde slegs in die Wes-Kaap, en slegs vir graad 3, 6 en 7). 'n Rekordgetal van 49 skole het in die Xhosa-kategorie meegeeding.

Die US Koor het op sy beurt 'n landwye toer onderneem, en opgetree by die tweejaarlikse Kuesta-koorfees, wat vanjaar deur Noordwes-Universiteit aangebied is, sowel as in Pretoria en by 'n spesiale Erfenisdagkonsert in Soweto. Die koor sal sy titel as beste amateurkoor in Julie volgende jaar by die **Wêreldkoorspele in België** verdedig, en is genooi om by die amptelike opening van die geleentheid voor Belgiese koning Philippe op te tree.

### 3.21 Sentrum vir Sportleierskap-simposium

Die US se nuwe Sentrum vir Sportleierskap het sy eerste sportsimposium aangebied oor die tema "25 jaar van sport ná apartheid: Die stand van die spel". Die doel was om lede van die akademie en die groter Maties Sport Netwerk byeen te bring om moontlikhede vir toekomstige **sportverwante navorsing en samewerking** te ondersoek. Hierdie gebied hou groot belofte in vir die US in die lig van die instelling se bestaande navorsingsvoetspoor op sportterrein.

Simposiumonderwerpe het ingesluit die historiese konteks van sport sedert 1994, optimale sportstrategieë om ontwikkeling te bevorder, en uitdagings waarvoor atlete ná mededingende sport te staan kom. Akademici van die Globale Sportinstituut (GSI) by Arizona-staatsuniversiteit sowel as

van die Sentrum vir Sportleierskap (CSL) by die Universiteit van die Gemenebes Virginië – albei in die VSA – het ook die simposium bygewoon.

### 3.22 Strategiese belanghebbendeskakeling rondom nasionale dae en temas

Die Transformasiekantoor het as deel van die Imbizo 365-program:

- op 14 Augustus 'n poësiegeleentheid ter viering van Vrouemaand aangebied;
- op 6 September saam met die Eenheid vir Gestremdhede 'n Losliddag-geleentheid aangebied in pas met vanjaar se tema, "Vyf-en-twintig jaar van skitter met persone met gestremdhede";
- op 17 September 'n Erfenisdag-geleentheid met die tema "Genetika, afstamming en erfenis – 'n Suid-Afrikaanse siening" in vennootskap met die Afdeling Sosiale Impak, WOW en E'bosc aangebied;
- op 19 September as gasheer opgetree vir 'n paneelgesprek oor wat met die musiek van kunstenaars moet gebeur wat beweerde of veroordeelde seksuele oortreders is; en
- op 25 September met Studentesake saamgewerk om 'n vertoning van die rolprent *People vs patriarchy* en 'n gesprek ná die tyd aan te bied.

Die Transformasiekantoor het ook gedurende die protes teen geslagsgebaseerde geweld 'n kernrol vervul om US-studente toegang tot belangrike geleenthede te bied. Die Kantoor het vir vervoer betaal na Uyinene Mrwetyana se gedenkdiens op 4 September by die Universiteit van Kaapstad, die optog na die Parlement op 5 September teen geslagsgebaseerde geweld, sowel as die studenteleiersgesprek oor geslagsgebaseerde geweld in die hoër onderwys wat op 8 Oktober by die Kaapstadse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie plaasgevind het.

### 3.23 Gesondheidsvennotskappe

Dr Craig Thompson van die Kampusgesondheidsdiens (KGD) het op uitnodiging van die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (SARU) 60 spelers by 'n vroeëspelerontwikkelingskamp in die Paarl van **sportgeneeskundige dienste** voorsien. Dít is 'n pluimkie vir ons KGD-personeel, wie se kundigheid op die gebied van sport- en oefeningsgeneeskunde wyd erken word, en die resultaat van langdurige skakeling met SARU oor dienslewering op verskillende vlakke van die spel.

KGD-fisioterapeute het ook **span- en wedstrydsteun** gebied aan vier Matiespanne wat aan onderskeidelik Varsity Sport-netbal, die USSA-veldloopkampioenskapstoernooi, Varsity Sport-sewesrugby en USSA-sewesrugby deelgeneem het.

## TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Luidens ons Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 behels hierdie kern strategiese tema die volgende: "Die US pak hiermee 'n reis van **genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die Universiteit bevorder 'n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as 'n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne 'n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hulle eie leer betrek."

"Die Universiteit het ook 'n holistiese begrip van onderrig en leer, wat individuele sowel as sosiale voordele insluit. Die US se onderrigpraktyke is diep veranker in, word gevorm deur en reageer op die omgewings waarin dit plaasvind. Hierdie benaderings rig die Universiteit as 'n leerorganisasie, wat die ontwikkeling van leergemeenskappe onder studente, personeel en alumni in verskillende konfigurasies moontlik maak. Genetwerkte en samewerkende leer skep 'n omgewing wat intellektuele weetgierigheid aanmoedig, synde 'n noodsaaklike vaardigheid vir volgehoue kritiese en kreatiewe denke."

## 4.1 Akademieskap van Onderrig en Leer-konferensie

Die 12de jaarlikse US-konferensie oor die Akademieskap van Onderrig en Leer (AvOL) is van 28 tot 30 Oktober in Somerset-Wes aangebied.

Die geleentheid, wat deur ons Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) gereël word, het navorsers en dosente van verskeie US-fakulteite weer 'n geleentheid gebied om hulle navorsing aan te bied en ontluikende vakkundiges te inspireer. Dít maak deel uit van SOL se missie om professionele leergeleenthede vir akademiese personeellede te skep en 'n denkleier op die gebied van responsiewe, innoverende en vakkundige onderrig en leer te wees. Die AvOL-konferensie het sedert aanvang in 2007 met rasse skrede uitgebrei. By vanjaar se geleentheid was daar **87 aanbiedings** en sowat **300 geregistreerde deelnemers**. Die twee hoofsprekers was dr Joy Mighty, professor en senior vakkundige in Innovasie in Onderrig en Leer in die kantoor van die hoof en ondervoorsitter (akademies) van Carleton-universiteit, Kanada, en prof Geo Quinot van die Departement Publiekreg in die US se Fakulteit Regsgeleerdheid. Gaan gerus na die [konferensiewebtuiste](#) vir meer inligting en klik [hier](#) vir toegang tot opsommings van alle voorleggings.



Prof Arnold Schoonwinkel saam met dr Ilse Rootman-le Grange (links) en dr Marnel Mouton (regs), albei van die Fakulteit Natuurwetenskappe. Hulle het die prys vir beste aanbieding gewen.

## 4.2 Samewerkende aanlyn internasionale leer

Ter ondersteuning van genetwerkte en samewerkende onderrig en leer het twee US-personeellede aan 'n projek vir samewerkende aanlyn internasionale leer ("COIL", wat staan vir *Collaborative Online International Learning*) van die **Universiteit van Ohio**, Verenigde State, deelgeneem. Die projek het bestaan uit inleidende aanlyn leersessies vir akademici, deelname aan 'n internasionale skakelingsprogram by die Universiteit van Ohio, en bywoning van die konferensie oor virtuele aanlyn leer aan die einde van Oktober. Die US-akademici sal COIL nou by hulle leerprogramme vir 2020 in onderskeidelik die Fakulteit Opvoedkunde en die Skool vir Rekeningkunde insluit.

## 4.3 Nagraadse vaardighede verder versterk

Die Nagraadse Kantoor het in 2019 sy vaardigheidsontwikkelingsaanbod vir nagraadse studente verder uitgebrei. Nuwe geleenthede wat met behulp van die DHOO se Universiteitsvermoëbutoelaag aangebied word, sluit in opleiding oor die reëls van **akademiese outeurskap** en **wetenskapkommunikasie**. Die Universiteitsvermoëbutoelaag finansier ook die nagraadse pyleidingsprojek, wat beoog om aanlyn vaardigheidsontwikkelingsteun te versterk en die Universiteit sodoende toegang tot 'n groter aantal nagraadse studente te bied.

## 4.4 HealthyUS-kursus

HealthyUS is 'n gesondheid-en-leierskapskursus van die FVZS Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling. Dit is saamgestel deur KGD se kliniese personeellede (dokters, fisioterapeute en kliniese verpleegkundiges) en rolspelers van die SSVO, wat ook die kursus van 6 Augustus tot 1 Oktober in weeklikse sessies aangebied het.

Die kursus konsentreer op geestes- en liggaamlike gesondheid, en moedig studenteleiers aan om krities te dink oor hulle rol as agente vir verandering om medestudente oor persoonlike gesondheid

en welwees op te voed. Dit rus deelnemers ook toe met die vaardighede om moontlike gesondheidsverwante risikofaktore by hulleself en hulle portuur te identifiseer.



Studente by een van die sessies.

Van die aanbieders.

#### 4.5 Werksessies oor ras en rassisme

Die Transformasiekantoor het van 20 tot 23 Augustus 'n reeks werksessies oor die begrip van ras en rassisme vir **Bedryfsingenieurswese-studente** aangebied. Meer as 400 studente is oor die vier dae bereik. Opvolgwerksessies is van 15 tot 17 Oktober gehou. Die verslag oor die werksessiereeks sal as grondslag dien om 'n soortgelyke reeks oor kritiese diversiteitsgeletterdheid in groepwerk by die eerstejaarkurrikulum in te sluit. Die doel sal wees om beter tussenkultuurverhoudings en minder vooroordeel in groepwerkomstandighede in die hand te werk.

#### 4.6 US-tegnothon

Die tweede jaarlikse US-tegnothon het oor die naweek van 2 tot 4 Augustus plaasgevind. Die geleentheid, waarvoor Innovus as gasheer optree, bring begaafde **rekenaarprogrammeerders, ontwerpers, bouers, statistici, wetenskaplikes en ingenieurs** uit die **studentegemeenskap** byeen om saam te leer, te bou en kreatiewe idees uit te ruil, terwyl hulle bedryfsverwante probleme op 'n innoverende manier oplos. Vanjaar se tegnothon is deur Entersek, Capitec en Explore geborg, en het 70 deelnemers gehad – dubbel soveel as verlede jaar. [Klik hier](#) om meer te lees.

#### 4.7 Afrigterswerksessie

Die US se pas gestigte **Sentrum vir Sportleierskap** het in September 'n werksessie vir Maties Sport se hoëprestasieafrigters aangebied. Die fasiliteerders van die sessie was dr Scott Brooks, navorsingsdirekteur van die Globale Sportinstituut (GSI) by **Arizona-staatsuniversiteit**, en dr Luke Brenneman, 'n nadoktorale navorser van die GSI. Die werksessie het gehandel oor hoe om atlete op die veld, in spanverband én geestelik vir mededinging voor te berei en sodoende te keer dat hulle verloor nog voordat die wedstryd begin.

#### 4.8 Opleiding vir gemeenskapsleiers

Die US se Afdeling Sosiale Impak het weer sy jaarlikse opleiding vir gemeenskapsleiers as deel van die **E'bosch-inisiatief** voorsien. By 'n sertifikaatplegtigheid aan die einde van Augustus het ek en die burgemeester van Stellenbosch die deelnemers vir hulle toewyding bedank. Vier-en-twintig gemeenskapsleiers van Kayamandi, Idasvallei, Cloetesville, Lynedoch en Lanquedoc het opleidingsertifikate ontvang.

### TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK

Luidens ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) impliseer "**Navorsing vir impak**" by die US "die optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing. Die klem val op interdissiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien."

## 5.1 NNS-graderings

Die Nasionale Navorsingstigting (NNS) het op 12 September sy jaarlikse toekenningsplegtigheid in Somerset-Wes aangebied. Twee US-wetenskaplikes – **prof Bert Klumperman** van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap, en **prof Dave Richardson** van die Departement Plant- en Dierkunde – was onder die topnavorsers wat erkenning ontvang het. Albei het vir 'n derde opeenvolgende jaar hulle A-graderings van die NNS behou.

Met sy 473 NNS-gegradeerde navorsers is die US in die algehele derde plek in Suid-Afrika. Die getal gegradeerde navorsers by die Universiteit het van 2009 tot 2019 **met 92% gestyg**.

'n NNS-gradering word op grond van 'n individuele navorser se onlangse navorsingsuitsette en -impak in die oë van sowel nasionale as internasionale portuurbeoordelaars toegeken. Navorsers kan een van vyf graderings ontvang, naamlik:

- A – toonaangewende internasjonale navorsers;
- B – internasional erkende navorsers;
- C – gevestigde navorsers;
- P – jong navorsers wat waarskynlik in die toekoms internasjonale leiers op hulle vakgebied sal wees; en
- Y – belowende jong navorsers.

Van die US se gegradeerde navorsers val 14 in kategorie A, 119 in B, 253 in C, twee in P, en 85 in Y.

Voorheen het 'n gradering navorsers toegang tot aansporingsfinansiering gegee. Tog moes die NNS in 2018 weens begrotingsdruk die finansiering verbonde aan die gradering beduidend verminder. Om die onverwagte daling in finansiering te probeer teenwerk, het die US 'n eenmalige aanvullende betaling aan sy gegradeerde navorsers beskikbaar gestel.

Die inkorting van finansiering was 'n omstrede saak in die navorsingsgemeenskap. Nietemin het die US se Afdeling Navorsingsontwikkeling in die daaropvolgende rondte graderingsaansoeke nie huis 'n daling in die getal aansoekers opgemerk nie. Dít dui daarop dat die graderingsproses as 'n maatstaf vir die **gehalte van navorsing** beskou word, en nie bloot 'n manier om finansiering te bekom nie.

## 5.2 Groot toelaag sal US beter behandeling vir kinders met MDR-TB help ontwikkel

Die US het 'n groot nuwe toelaagooreenkoms onderteken met **Unitaid**, 'n internasjonale vennoot van die Wêrelgesondheidsorganisasie (WGO) wat belê in uitvindings om MIV/vigs, tuberkulose (TB) en malaria vinniger, doeltreffender en meer bekostigbaar te voorkom, te diagnoseer en te behandel. Die toelaag van meer as **R280 miljoen** (\$18,9 miljoen) sal gebruik word om kindervriendelike behandelings en voorkomende terapie vir multimiddelweerstandige tuberkulose (MDR-TB) te ontwikkel. Die ooreenkoms is in Oktober onderteken en die gefinansierde projek, **BENEFIT Kids** ("Better Evidence and Formulations for Improved MDR-TB Treatment for Children"), sal tot en met 2022 duur.

BENEFIT Kids sal na verwagting die las van hierdie geværlike dog behandelbare vorm van TB help verlig. Aan die stuur van die projek is **prof Anthony Garcia-Prats**, wat verbonde is aan die **Desmond Tutu TB-sentrum** (DTTS) in die Departement Pediatrie en Kindergesondheid van die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Prof Garcia-Prats is ook by die Universiteit van Wisconsin-Madison in die Verenigde State geaffilieer.

Meer as 95% van kinders met MDR-TB ter wêreld kry tans geen behandeling nie. Van diegene wat wél behandel word, is die meeste op middels wat hulle vir lank moet drink, sleg smaak, toksies is en meestal bestaan uit pille vir volwassenes wat fyngemaak moet word. Boonop veroorsaak hierdie behandelings dikwels ernstige newe-effekte, soos onomkeerbare gehoorverlies. BENEFIT Kids sal toegang tot gehalteversekerde, kindervriendelike MDR-TB-medisyne verbeter, wat 'n reusestap

vorentoe is in die lig van die historiese verwaarloosing van kinders in die wêreldwye reaksie op die TB-epidemie.

Die projek sal in Suid-Afrika, Indië en die Filippyne geïmplementeer word. Die US sal met verskeie kernvennote saamwerk, waaronder die TB Alliance, die Universiteit van Kalifornië San Francisco, Johns Hopkins-universiteit, die mediese sentrum van die De La Salle-universiteit in die Filippyne, die BJ Mediese Kollege in Indië, die Universiteit van Uppsala in Swede sowel as die Chiang Mai-universiteit in Thailand.

### 5.3 Bemarking van US-navorsing

In die lig van GlobalWebIndex se bevinding in hulle verslag oor digitale verbruikerstendense vir 2019 dat sosiale media 'n voorkeurkommunikasiemetode vir 18- tot 34-jariges (die sogenaamde millenniërs) is, het ANO nou ook 'n [Facebook-blad](#) geskep om die [Research at Stellenbosch University](#)-publikasie verder te bevorder. Uittreksels uit die publikasie word op die blad geplaas om die algemene impak van US-navorsing te versterk en voornemende studente na die Universiteit te lok. Die plasings is in 'n toeganklike styl geskryf wat byval vind by die algemene publiek, en nie net wetenskaplikes nie. Die Facebook-blad het teen 16 Oktober die volgende reaksie ontvang:

- 586 duimpies op ("likes")
- Meeste skakelings met die blad (klikke of kommentaar) op een dag: 1 503 op 10 Oktober (plasings oor Internasionale Geestesgesondheidsdag, stories oor die US se navorsing oor dié onderwerp, sowel as 'n berig oor 'n toekenning vir 'n navorser op die gebied van gestremdheidstudie)
- Reikwydte: 42 470 (die getal mense op wie se skerm enige inhoud van of óor die blad verskyn het)
- Getal kykslae vir die plasings: 23 078 (wat bladstatus, foto's en skakels insluit)
- Getal kykslae vir die video's: 975

### 5.4 Navorsingsinligtingsbundels

Die US se Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) het in Oktober sy jongste navorsingsinligtingsbundels vir **akademiese departemente en fakulteite** uitgereik. Die brosjures, wat jaarliks pasgemaak word vir elke departement, bied 'n oorsig van navorsingsverwante data, statistieke en aktiwiteite, en word aan departementeale voorsitters beskikbaar gestel. 'n Omvattende oorsig eie aan elke fakulteit is ook aan dekane, visedekane vir navorsing en fakulteitsbestuurders voorsien. Die inligting bestaan hoofsaaklik uit data wat ANO bestuur, soos navorsingsuitsette, finansieringsinligting, NNS-graderings, en aansoeke om etiekgoedkeuring. Algemene inligting oor ANO se werkzaamhede en dienste vir navorsers word ook verstrek.

Dit is die vierde keer wat ANO hierdie omvattende inligtingstelle per departement en fakulteit saamstel. Dit maak deel uit van die Afdeling se verantwoordelikheid om US-navorsers doeltreffende ontwikkelings- en steungeleenthede te bied.

Navorsings- en innovasiebestuur is van die allergrootste belang noudat instellings toenemend om skaars hulpbronne meeding. Om finansieringsgeleenthede optimaal te benut, moet finansiers se ingewikkeldreëls en regulasies tot in die kleinste besonderhede gevolg word. Boonop moet departemente en fakulteite hulle navorsingsfokusgebiede met strategiese institusionele en nasionale doelwitte versoen. Akkurate en aktuele navorsingsverwante inligting vervul 'n kernrol in die US se strewe na toenemende samewerking, internasionalisering en vennootskappe met plaaslike en buitelandse belanghebbendes.

### 5.5 Navorsingsindaba

Die jaarlikse Navorsingsindaba het op 17 Oktober by STIAS plaasgevind. Die doel van die byeenkoms was om navorsers van al tien US-fakulteite 'n geleenthed te bied om onderwerpe van

gemeenskaplike belang te bespreek. Die klem vanjaar was op **navorsing vir impak**, een van die US se kern strategiese temas.

Die volgende bydraes is gelewer:

- Navorsing vir impak as 'n strategiese tema by die US (prof Eugene Cloete)
- Internasionale benaderings tot navorsingsimpak (prof Nelius Boshoff)
- Die meting van navorsing vir impak – US-strategie en -aanwysers (prof Ian Cloete)
- Fakulteitsbenaderinge tot navorsing vir impak (paneelgesprek)
- Die vyf strategiese navorsingsgebiede by die US, en ons benadering tot implementering (dr Therina Theron)

Die meer as 80 afgevaardigdes wat die Indaba bygewoon het, het veral belang gestel in hoe navorsing vir impak by die **US gemeet** sal word. Die Indaba het aanbeveel dat die Navorsingskomitee van die Senaat formeel versoek dat 'n wyer oorlegplegingsproses van stapel gestuur word om gepaste aanwysers en maatstawwe vir hierdie doel te ontwikkel.

## TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER

In ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* is ons mense ons eerste "instaatsteller" – 'n element "wat alles moontlik maak". Wat personeel betref, is dit soos volg gekoppel aan'n kern strategiese tema: "Ter ondersteuning van die US se visie, missie, waardes en strewes is dit noodsaaklik om die gesondheid en welstand van ons mense te ondersteun. In die US se strewe om die **voorkeurwerkgewer** te wees, beoog ons 'n instaatstellende omgewing wat die beginsels van medeskepping en gepaste deelname insluit en die kenmerke van 'n inklusiewe kampuskultuur vergestalt."

### 6.1 US-opname oor welwees, kultuur en werksklimaat 2019

Ons Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het van 28 Oktober tot 15 November die **tweede tweejaarlikse US-personeelopname** oor welwees, kultuur en werksklimaat namens ons Afdeling Menslike Hulpbronne onderneem. Die inisiatief maak deel uit van ons strewe om 'n voorkeurwerkgewer te wees, synde een van die kerntemas in ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024*.

Die doel van die opname was om die welweesvlakte onder personeellede te bepaal en hulle mening oor die kultuur en klimaat in hulle werkomsomgewing in te win. Alle US-personeel is aangemoedig om deel te neem deur individuele e-posse sowel as 'n kennisgewing in die weeklikse elektroniese personeelnuusbrief, [info@stellenboschuni](mailto:info@stellenboschuni), van 30 Oktober.

In pas met die US Taalbeleid is die opname in [Engels](#), [Afrikaans](#) en [Xhosa](#) beskikbaar gestel. Alternatiewe reëlings is getref sodat personeellede sonder e-pos- of internettoegang ook aan die opname kon deelneem. Deelname was vrywillig, en personeellede is gerusgestel dat alle antwoorde vertroulik en naamloos sou bly.

Die eerste opname oor personeelklimaat en -kultuur is in 2017 onderneem. [Klik hier](#) vir verdere inligting. Die inhoud en samestelling van die opname van 2019 is 'n verbetering op die uitgawe van 2017, en ons is vol vertroue dat die instelling in die geheel én individuele omgewings oor die hele Universiteit by deelnemers se gesamentlike terugvoering sal baat vind.

Die sukses van ons strewe na uitnemendheid, relevansie en sosiale impak maak staat op ons mense – in die besonder ons personeellede en studente. Daarom is dit belangrik om 'n institusionele klimaat van begrip, waardeering en verdraagsaamheid vir ander kulture en oortuigings sowel as gemeenskaplike waardes te skep, wat die bevindinge van hierdie opname ons juis sal help doen.

## 6.2 Kode vir Bestuurspraktyke

Om diversiteit in pas met die Universiteit se strategiese tema van voorkeurwerkewer te bevorder, het die Rektoraat op 17 September 'n Kode vir Bestuurspraktyke vir Diensbillikheid goedgekeur. Dit sal dadelik geïmplementeer word.

Die kode bied riglyne vir bestuurspraktyke met die oog daarop om **diensbillikheid** en redelike voorsiening vir **persone met gestremdhede** te bevorder. Voordat dit goedgekeur is, is dit wyd met alle omgewings bespreek, wie se kommentaar en bydraes op gepaste wyse by die dokument ingesluit is.

Die kode is 'n belangrike instrument om die hindernisse te bowe te kom wat in die institusionele Diensbillikhedsplan uitgewys is. Dit bepaal dat betrokkenheid by die transformasiemandaat van die Universiteit, wat die bou van **transformasievaardighede** insluit, voortaan **20–25% van personeellede se kernprestasiegebiede (KPA's)** sal uitmaak.

Die kantoor van die Diensbillikhedsdirekteur sal tersaaklike opleidingsessies vir alle omgewings aanbied om 'n vlot oorgang en inwerkingstelling te verseker.

## 6.3 nGAP by die US

Noudat fase 5 van die DHOO se program vir 'n nuwe generasie akademici (nGAP) voltooi is, beskik die US oor **22 sodanige poste**. Die DHOO het in September fase 6 van die program aangekondig, wat 'n verdere 100 poste aan instellings landwyd beskikbaar stel. Die US dien tans sy aansoeke in.

## 6.4 Program vir internasionale mobiliteit van personeellede

US Internasional het met Menslike Hulpbronne saamgewerk aan 'n ontwikkelingsprogram vir **PASD-personeel**. Dit was in die vorm van 'n uitruilbesoek aan die **Universiteit van Lund, Swede**, van 4 tot 11 Oktober. Uit 30 aansoekers is tien personeellede vir die program gekies.

Die plaaslike komponent van die program het bestaan uit werksessies oor internasionalisering by die US, tussenkultuurvaardighede, en 'n oorsig van die Lund-Stellenbosch-vennootskap. In Lund het die personeellede tyd deurgebring saam met hulle eweknieë op hulle onderskeie werksgebiede.

Ons vennootskap met die Universiteit van Lund is 'n goeie voorbeeld van omvattende internasionalisering in aksie, wat uit studente-uitruilprogramme, navorsingsamewerking en personeelmobiliteit bestaan wat deur albei vennote ondersteun word. Volgens Lund se terugvoering het die program internasionaliseringsgesprekke aan die gang gesit in eenhede wat nie gewoonlik met internasionale besoekers skakel nie. Die Universiteit van Lund het ingestem om as medeaanbieders op te tree by die US se jaarlikse byeenkoms van die Stellenbosse Internasionale Akademiese Netwerk (SIAN) in 2020 om ons venootnetwerk hiervan te vertel sodat die model ook na ander universiteite uitgebrei kan word.



PASD-personeellede van die US op 'n uitruilbesoek aan die Universiteit van Lund, Swede.

## 6.5 Erkenning vir US-personeellede

**Mnr Aslam Arnolds, me Clarissa Graham en me Cornelia Malherbe** van die US se Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) het gesogte prys ontvang vir hulle bydraes tot navorsingsbestuur in Suider-Afrika. Hulle is op 5 September by die jaarlikse prysuitdeling van die Departement van Wetenskap en Innovasie (DWI)/Suider-Afrikaanse Navorsings- en Innovasiebestuursvereniging (SARIMA) vereer. **Dr Therina Theron** is vir die volgende twee jaar as die nuwe SARIMA-voorsitter aangewys, en dr Natasha Mothapo as lid van SARIMA se uitvoerende komitee.

**Prof Tania Ajam** van die US se Skool vir Publieke Leierskap is in Suid-Afrika se nuwe Presidensiële Ekonomiese Adviesraad onder voorsitterskap van president Cyril Ramaphosa aangestel. Prof Ajam, 'n ekonoom met uitgebreide ervaring, dien ook in die Davis-belastingondersoekkommissie.

**Dr Hayley Clements** van die US se Sentrum vir Komplekse Sisteme in Transisie het onlangs die eerste Jennifer Ward Oppenheimer- (JWO-)navorsingstoelaag van \$150 000 ontvang vir haar werk oor die kwantifisering van Afrika se planetêre biodiversiteitsgrens. Dr Clements is uit 164 aansoekers van oor die hele vasteland gekies.

**Me Ilhaam Groenewald**, hoofdirekteur van Maties Sport, het by die nasionale GSport4Girls-prysgeleenheid vroeg in September 'n ministeriële toekenning vir haar bydrae tot sport ontvang. Boonop is sy in Oktober aangewys as ere-ondervoorsitter van Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) nadat sy haar termyn as voorsitter van die organisasie voltooi het.

**Prof Jonathan Jansen**, uitgelese professor in onderwysbeleidstudies, het op 7 November 2019 'n South African Literary Awards (SALA)-toekenning in die kategorie skeppende nie-fiksie gewen vir sy boek, *As by fire: the end of the South African University*.

**Me Ellen Tise**, senior direkteur van die US se Biblioteek- en Inligtingsdiens, is vir die tydperk 2019-2021 aangewys as die voorsitter van die Internasionale Federasie van Biblioteekverenigings en -instellings (IFLA) se advieskomitee oor vryheid van toegang tot inligting en vryheid van spraak (FAIFE).

**Mnr Wouter Klapwijk**, adjunkdirekteur van Inligtingstegnologie en Digitale Dienste, was medeorganiseerder van die vergadering van IFLA se spesiale belangegroep oor groot data in Augustus in Frankfurt, Duitsland.

**Prof Hester Klopper**, Viserekotor: Strategie en Internasionalisering, is onlangs in kennis gestel dat sy die Dorothy Ford Buschmann-voorsittersprys van Sigma, 'n verpleegorganisasie met 135 000 aktiewe lede in meer as 90 lande, sal ontvang. Dít is ter erkenning van haar uitmuntende bydrae tot verpleegkunde wêreldwyd.

**Prof Bob Mash**, hoof van die Afdeling Huisartskunde en Primêre Sorg, het op 9 Augustus die prys vir Uitsonderlike Diens aan die Geneeskunde van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging ontvang vir sy jare lange toewyding aan huisartskunde. Hy is ook die uitvoerende hoof van ons Departement Huisarts- en Noodgeneeskunde.

**Prof Leslie Swartz**, uitgelese professor in Sielkunde, het op 9 Oktober ASSAf (die Suid-Afrikaanse wetenskapakademie) se goue Wetenskap-vir-die-Samelewings-medalje ontvang vir sy uitmuntende toepassing van wetenskapdenke ten bate van die samelewings. **Prof Aslam Fataar** en **prof Lesley le Grange**, albei uitgelese professore in die Opvoedkunde, is as verkose ASSAf-lede ingehuldig.

**Prof Sam Tshehla**, (*regs in die foto links*), die dekaan van die Fakulteit Krygskunde, het op 7 November die Golden Star-toekenning vir uitmuntende diens op die gebied van



sekuriteitsonderwys in Afrika by die 16de Africa Security Watch-prysgeleentheid in Dubai ontvang.

## 6.6 Kanselierstoekennings vir 2019

'n Kenmerk van instellings met 'n etos van uitnemendheid is dat hulle verskillende vlakke en vorme van erkenning vir uitmuntende prestasie bied. By die US gebeur dít onder andere deur ons jaarlikse Kanselierstoekennings vir personeellede. Dié gesogte toekennings verleen erkenning aan personeellede wie se loopbane van volgehoud uitnemendheid in navorsing, innovasie, leer en onderrig, sosiale impak en professionele dienste getuig. Geluk aan die ontvangers vir 2019! Hulle sal hulle toekennings by ons gradeplegtighede van 9 tot 13 Desember ontvang.

Ontvanger	US-omgewing	Toekenningeskategorie
Mev Gretchen Arangies	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Professionele dienste
Prof Andries Burger	Fakulteit Ingenieurswese	Navorsing, onderrig en leer, en sosiale impak
Prof Usuf Chikte	Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Onderrig en leer
Mnr Enzo Daguanno	Fakulteit Ingenieurswese	Professionele dienste
Prof Jacques du Plessis	Fakulteit Regsgeleerdheid	Navorsing
Mev Maryke Hunter-Hüsselmann	Verantwoordelikhedsentrum vir Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie	Navorsing en professionele dienste
Prof Daniel Makinde	Fakulteit Krygskunde	Navorsing
Prof Linus Opara	Fakulteit AgriWetenskappe	Navorsing
Mnr Pierre Rossouw	Registratorsafdeling	Professionele dienste
Prof Gilliam Schoombee	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Professionele dienste
Dr Jerome Slamat	Afdeling van die Rektor	Professionele dienste
Mev Susan van der Merwe	Verantwoordelikhedsentrum vir Strategie en Internasionalisering	Navorsing en professionele dienste
Prof Marlene van Niekerk	Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe	Navorsing

## SLOT

Baie dankie vir u ywer en toewyding gedurende hierdie gebeurtenisvolle jaar. Ons sien uit na vele kwalifikasies wat toegeken gaan word aan ons studente by die komende gradeplegtighede (9–13 Desember).

My wens is dat u vervulling, sin en 'n sterk gevoel van verbondenheid aan die US sal ervaar. Maak asseblief doelbewus tyd om goed uit te rus en u kragte weer op te bou sodat ons 2020 met nuwe ywer kan aanpak.



**Prof WJS de Villiers,  
Rektor en Visekanselier**

## BYLAE: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE

### Meningsartikels (27 Aug tot 12 Nov 2019)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dr Tasneemah Cornelissen-Nordien	Maatskaplike Werk	Translating policy into service provision	<a href="#">Cape Argus</a> (27 Aug)
Prof Stella Viljoen	Visuele Kunste	'Invasion': an exhibition that presents an artist's healing touch	<a href="#">The Conversation</a> (27 Aug)
Emily O'Ryan	BAHons-student (Politieke Wetenskap)	Maak 'n verskil aan huiswerkers se lewe	<a href="#">Netwerk24</a> (28 Aug)
Mart-Marié Serfontein	BA-student (Regte)	Theresa en Hillary: Moenie vroue oor die glaskrans stoot nie	<a href="#">Netwerk24</a> (28 Aug)
Dr Lee-Ann Steenkamp	US Bestuurskool	South African taxpayers will bear the brunt of National Health Insurance	<a href="#">The Conversation</a> (29 Aug)
Lia Snijman	BAHons-student (Joernalistiek)	Van die slimste mense het nie grade nie	<a href="#">Netwerk24</a> (29 Aug)
Prof Johann Kirsten	Buro vir Ekonomiese Ondersoek	Bring in the bean counters to work out viable budgets for land reform	<a href="#">Business Day</a> (30 Aug)
Prof Ferdi Meyer	Buro vir Voedsel- en Landboubeleid		
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	CR17-veldtog is misleidingsaksie, sê Thuli	<a href="#">Vrye Weekblad</a> (30 Aug)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Hoe dink ons oor vroue?	<a href="#">Netwerk24</a> (30 Aug)
Prof Stella Viljoen	Visuele Kunste	On feminism and the art of 'looking back'	<a href="#">News24</a> (31 Aug)
Dr Azille Coetzee	Politieke Wetenskap	Hou op namens my haat saai	<a href="#">Rapport</a> (1 Sep)
Nadja Snegireva & Dr Karen Welman	Sportwetenskap	Eye-tracking can help diagnose concussion, but it's under-utilised	<a href="#">The Conversation</a> (4 Sep)
Prof Wayne Derman	Ortopedie		
Prof Jon Patricios	Universiteit van die Witwatersrand		
Prof Mark Swilling	Sentrum vir Komplekse Sisteme in Transisie	Why microeconomic policies cannot work if macroeconomic policies are wrong	<a href="#">Daily Maverick</a> (5 Sep)
Prof Gael Giraud	Ecole Nationale des Ponts et Chaussées/Skool vir Publieke Leierskap		
Dr Elsie Pieterse	Veekundige Wetenskappe	Insekboerdery? Nie meer so vergesog	<a href="#">Landbouweekblad</a> (6 Sep)
Joy Watson	PhD-student (Politieke Wetenskap)	Feminism 101: Pussies are not for grabbing	<a href="#">Mail &amp; Guardian</a> (6 Sep)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	We don't live in a democracy	<a href="#">City Press</a> (8 Sep)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Hollow words from a government that turns water cannon on female protesters	<a href="#">Business Day</a> (10 Sep)
Dr Rose Richards	US Taalsentrum	Make learning accessible	<a href="#">Cape Argus</a> (10 Sep)
Prof Lizette Rabe	Joernalistiek	How to break the stigma of suicide and other s-words	<a href="#">News24</a> (10 Sep)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Sigh. I'm still protesting	<a href="#">Mail &amp; Guardian</a> (13 Sep)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Geslagsgeweld: Opvoeding die kruks van die antwoord	<a href="#">Netwerk24</a> (13 Sep)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	There is hope for SA	<a href="#">City Press</a> (15 Sep)
Prof Aslam Fataar	Opvoedingsbeleidstudie	Complacency has forced pursuit of a gender jihad	<a href="#">Cape Argus</a> (15 Sep)
Anne-Marie le Roux	US Bestuurskool	Design thinking for the customer	<a href="#">City Press</a> (15 Sep)
Prof Ian Couper	Ukwanda Sentrum vir Landelike Gesondheid	Midlevel workers: Africa's unsung health heroes need more support	<a href="#">The Conversation</a> (16 Sep)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dr Chris Jones	Eenheid vir Morele Leierskap	On Malema, free speech and going against the grain of our cultural biographies	<a href="#">News24</a> (17 Sep)
Natasha Kruger	Sentrum vir Indringerbiologie	Invasive tadpoles can recognise potential predators in new environments	<a href="#">The Conversation</a> (17 Sep)
Dr Jonathan Fisher	Universiteit van Birmingham/STIAS	New walls in cyberspace: Internet shutdowns and authoritarianism in Africa	<a href="#">Mail &amp; Guardian</a> (18 Sep)
Ané Koegelenberg	BA-student (Drama en Teaterstudie)	Hier kom die donker nag vir SA	<a href="#">Netwerk24</a> (19 Sep)
Dr Alec Basson	Korporatiewe Kommunikasie	SA has a legacy of trauma	<a href="#">Mail &amp; Guardian</a> (20 Sep)
Dr Kim Wale	Historiese Trauma en Transformasie		
Florence de Vries	Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Dis tyd dat ons opnuut en sinvol dink oor vroue	<a href="#">Vrye Weekblad</a> (20 Sep)
Dr Azille Coetzee	Politieke Wetenskap	Waarom ek huiwer om alle mans 'vulgoed' te noem	<a href="#">Rapport</a> (22 Sep)
Babatope Adebiyi, Anna-Marie Beytell & Ferdinand Mukumbang	Universiteit van Wes-Kaapland	Why alcohol remains a big threat to unborn babies in South Africa	<a href="#">The Conversation</a> (23 Sep)
Lizahn Cloete	Arbeidsterapie		
Dr Azille Coetzee	Politieke Wetenskap	Vir Breyten kan jy nie hashtag nie	<a href="#">Vrye Weekblad</a> (27 Sep)
Emily O'Ryan	BAHons-student (Politieke Wetenskap)	Gaan Cyril sy beloftes nakom?	<a href="#">Netwerk24</a> (30 Sep)
Wessel van den Berg	PhD-student (Sosiologie)	Struggling with the no-spanking rule? Here are some options	<a href="#">City Press</a> (1 Okt)
Breyten Cupido	BA-student (Geesteswetenskappe)	Wie gaan ons jong mense lei?	<a href="#">Netwerk24</a> (1 Okt)
Zian Blignaut	Magisterstudent (Kreatiewe Skryfkunde)	Klimaat: Ons gaan nog spyt wees, en wie gaan rou?	<a href="#">Netwerk24</a> (1 Okt)
Silke de Lange	Handelsreg	So you want to be a lawyer? Perspectives from an academic	<a href="#">Without Prejudice</a> (1 Okt)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Kyk só na sertifikaat	<a href="#">Netwerk24</a> (3 Okt)
Dr Francois Cleophas	Sportwetenskap	World Cup is reminding South Africans that sport is still divided	<a href="#">The Conversation</a> (3 Okt)
Prof Lizette Rabe	Joernalistiek	Die mooiste, mooiste maand? Ja, HOOP-maand	<a href="#">Netwerk24</a> (4 Okt)
Dr Lize Barclay	US Bestuurskool	Our political air has turned foul in an utterly corrupt society	<a href="#">The Mercury</a> (4 Okt)
Dr Marietjie Theron-Wepener	US Bestuurskool	High cost of damage to reputation	<a href="#">Cape Argus</a> (4 Okt)
Prof Lizette Rabe	Joernalistiek	Neem beheer oor swart hond	<a href="#">Die Burger</a> (5 Okt)
Mphumzi Mdekazi	Politieke Wetenskap	There is no need for an independent water regulator in SA	<a href="#">Weekend Argus</a> (6 Okt)
Fanelesibonge Ndebele	LLB-student	SA youth's mental health crisis	<a href="#">Cape Argus</a> (8 Okt)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Lyfstraf hoort in argief	<a href="#">Netwerk24</a> (8 Okt)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Not everyone's an academic – Grade 9 certificate could be the answer to our skills shortage	<a href="#">Daily Maverick</a> (8 Okt)
Eileen Kleynhans	BCom-student	Bestaan die Stellenbosch bubble regtig?	<a href="#">Netwerk24</a> (8 Okt)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dr Alanna Rebelo	Bewaringsekologie en Entomologie	What science tells us about fire hazards facing Cape Town and its surrounds	<a href="#">The Conversation</a> (11 Okt)
Dr David Carlyle Le Maitre	Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingraad		
Dr Mark New, Dr Peter Johnston, Dr Petra Holden & Tiro Nkemelang	Universiteit van Kaapstad		
Dr Tony Rebelo	Suid-Afrikaanse Nasionale Instituut vir Biodiversiteit		
Prof Maureen Robinson	Kurrikulumstudie	Technology not the elixir of education	<a href="#">Mail &amp; Guardian</a> (11 Okt)
Frederik van Dyk	LLB-student	Afrikaans: Wat gaan jy doen?	<a href="#">Rapport</a> (13 Okt)
Prof Anita Bosch	US Bestuurskool	Myths surrounding lack of gender equality on SA boards	<a href="#">Pretoria News</a> (16 Okt)
Prof George Claassen	Joernalistiek	OPINION: What's Nick Mallett got to do with it?	<a href="#">News24</a> (16 Okt)
Dr Nadia Marais	Sistematiiese Teologie	Beware the bullshit	<a href="#">Mail &amp; Guardian</a> (16 Okt)
Mercy Kannemeyer	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)	US geherkoloniseer	<a href="#">LitNet</a> (18 Okt)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Uitspraak nie 'n doodsvonnis	<a href="#">Netwerk24</a> (19 Okt)
Prof Wim de Villiers	Rektor en Visekanselier	US en Afrikaans: die feite	<a href="#">Die Burger</a> (19 Okt)
Dr Nitya Mohanty	Sentrum vir Indringerbiologie	Global pet trade in amphibians is bigger than we thought	<a href="#">The Conversation</a> (22 Okt)
Frederik van Dyk	LLB-student	Stories op die Rooiplein: Veeltalige Maties of gerusstellende leuens?	<a href="#">LitNet</a> (23 Okt)
Dr Nic Spaull	Ekonomie	Not making the grade	<a href="#">Financial Mail</a> (24 Okt)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	In search of a shift moment	<a href="#">Business Live</a> (24 Okt)
Mercy Kannemeyer	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)	Lei Matieland ons weer om die 'bosch?	<a href="#">Vrye Weekblad</a> (25 Okt)
Prof Piet Naudé	US Bestuurskool	Eskom has an ethical responsibility to provide cheap, clean power to all	<a href="#">Business Live</a> (27 Okt)
Dr Tristen Taylor	Filosofie	Fascism, the barbarous undercurrent of our time, finds the ground ripe for a re-emergence	<a href="#">Sunday Times</a> (27 Okt)
Maryana Iskander	Harambee Youth Employment Accelerator	We must equip young people to bounce back into work	<a href="#">Daily Maverick</a> (29 Okt)
Prof Neil Rankin	Ekonomie		
Dr Lungiswa Nkonki	Globale Gesondheid	How a lack of competition in South Africa's private health sector hurts consumers	<a href="#">The Conversation</a> (31 Okt)
Tian Alberts	LLB-student	US en Afrikaans: die student se werklikheid	<a href="#">LitNet</a> (31 Okt)
Prof Mark Swilling	Komplekse Sisteme in Transisie	How failing power utility is fuelling South Africa's economic crisis	<a href="#">The Conversation</a> (1 Nov)
Dr Francois Cleophas	Sportwetenskap	The burden of showing Springbok support in the 21st century	<a href="#">The Conversation</a> (2 Nov)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	Embrace social justice or face inequality time bomb	<a href="#">City Press</a> (3 Nov)
Adv Johan Heunis	US Konvokasie	Om die Bos gelei	<a href="#">Rapport</a> (3 Nov)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Caitlin Leatherby	BA-student (Geesteswetenskappe)	Fiddling while earth burns	<a href="#">Cape Argus</a> (6 Nov)
Peter Cunningham	BSc-student (Bewaringsekologie)		
Prof Aslam Fataar	Opvoedingsbeleidstudie	"In the belly of the beast": South Africa's education discourses associated with the fourth industrial revolution (4IR)	<a href="#">LitNet</a> (6 Nov)
Prof John Measey	Sentrum vir Indringerbiologie	BRICS scientists could help stem the tide of invasive species	<a href="#">The Conversation</a> (7 Nov)
Zian Blignaut	Magisterstudent (Kreatiewe Skryfkunde)	'Dink voor jy 'n kaalbas-foto vir my stuur'	<a href="#">Netwerk24</a> (11 Nov)

## Rubrieke (27 Aug tot 12 Nov 2019)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Johan Fourie	Ekonomie	The rules that keep millions poor	<a href="#">Finweek</a> (12 Sep)
		Ons probleem? Eerder te min as te veel kapitalisme	<a href="#">Rapport</a> (16 Sep)
		A theory about having babies	<a href="#">Fin24</a> (19 Sep)
		How to punish high school students – and the likely consequences	<a href="#">Finweek</a> (10 Okt)
		The second renaissance of finance	<a href="#">Fin24</a> (25 Okt)
		Which policies create economic growth?	<a href="#">Fin24</a> (31 Okt)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Só kan ons nie nasie bou nie	<a href="#">Die Burger</a> (27 Aug)
		Nou raak ons onregeerbaar	<a href="#">Netwerk24</a> (10 Sep)
		Protes ál meer en ál intenser	<a href="#">Netwerk24</a> (8 Okt)
		Wat sit agter die DA se magspel?	<a href="#">Netwerk24</a> (22 Okt)
		Patriotisme, nasionalisme en wêreldburgers	<a href="#">Netwerk24</a> (5 Nov)
Dr Jan Greyling	Landbou-ekonomie	Room van die tegnologie-oes	<a href="#">Landbouweekblad</a> (18 Okt)
Prof Jonathan Jansen	Opvoedkundige Sielkunde	The Alice cow killings ring alarm bells about SA's moral crisis	<a href="#">Times Live</a> (27 Aug)
		Sexist violence is deeply ingrained in SA, and a march won't help	<a href="#">Times Live</a> (5 Sep)
		Here's a lesson for Mugabe acolytes: His Zim education reforms are a myth	<a href="#">Times Live</a> (12 Sep)
		All Rhodes lead out of Makhanda if the potholes stay	<a href="#">Times Live</a> (19 Sep)
		Keep your religious and 'scientific' excuses - beating kids is wrong	<a href="#">Times Live</a> (26 Sep)
		The Grade 9 policy is a cynical diversion for those whom the system failed	<a href="#">Times Live</a> (3 Okt)
		In SA, it seems the best way to get our kids educated is to lock them up	<a href="#">Times Live</a> (10 Okt)
		The Afrikaans debate was not about language, but keeping baasskap alive	<a href="#">Times Live</a> (17 Okt)
		10 things doctors do that people have no patience for	<a href="#">Times Live</a> (24 Okt)
		Why, in SA, can't we enjoy rugby without getting into a scrum?	<a href="#">Times Live</a> (31 Okt)
		The Bok win won't fix Eskom or sway Moody's – it did something bigger	<a href="#">Times Live</a> (7 Nov)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Nico Koopman	Viserekotor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	Op elke mens staan geskryf: 'Breekbaar'	<a href="#">Netwerk24</a> (28 Aug)
		Kom ons breek hierdie kultuur in ons land	<a href="#">Netwerk24</a> (4 Sep)
		Dié nagmerrie is wat ons nie durf nalaat nie	<a href="#">Netwerk24</a> (25 Sep)
		'n Kwarteeu later soek die VGK eenheid	<a href="#">Netwerk24</a> (2 Okt)
		Waardes kan nie sonder reëls blom nie	<a href="#">Netwerk24</a> (23 Okt)
		Diskriminasie: Dís in pad van oorwinning	<a href="#">Netwerk24</a> (30 Okt)
Deidre Samson	Instituut vir Toekomsnavorsing	Don't do business completely alone	<a href="#">Eikestadnuus</a> (5 Sep)
		Pros, cons of African continental free trade agreement	<a href="#">Eikestadnuus</a> (12 Sep)
		GBV: How will business respond?	<a href="#">Eikestadnuus</a> (31 Okt)
Prof Anton van Niekerk	Filosofie	Bêre tog nou die ou vlag	<a href="#">Netwerk24</a> (3 Sep)
		Rassisme: Hoe diep lê wortels	<a href="#">Netwerk24</a> (17 Sep)
		'n Eeu sedert wetenskapsege	<a href="#">Netwerk24</a> (1 Okt)
		Gay-besluit stap in die regte rigting	<a href="#">Netwerk24</a> (15 Okt)
		Oor 'n nar en die duiwel	<a href="#">Die Burger</a> (29 Okt)
		Nuwe soort imperialisme?	<a href="#">Netwerk24</a> (12 Nov)
Dr Leslie van Rooi	Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie	Waarom nuwe name, simbole op ons kampusse?	<a href="#">Netwerk24</a> (6 Sep)
		Protes teen gendergeweld wys magstrukture verander	<a href="#">Netwerk24</a> (12 Sep)
		Suid-Afrikaners wil graag meer met mekaar praat	<a href="#">Netwerk24</a> (3 Okt)
		Jy is geregtig op jou mening, maar nie op jou eie feite nie	<a href="#">Netwerk24</a> (24 Okt)
		Moenie Bok-sege se waarde onderskat nie	<a href="#">Netwerk24</a> (8 Nov)

## **MEDEWERKERS**

Hierdie verslag is saamgestel deur **Desmond Thompson**, Senior Kommunikasiespesialis: Uitvoerende Bestuur, in oorleg met **prof Wim de Villiers**, Rektor en Visekanselier, en **dr Jerome Slamat**, Uitvoerende Bestuurder: Rektoraat. Die **US Taalsentrum** het die redigering en vertaling gefasiliteer, wat behartig is deur **Hendrien Swanepoel**. Ons erken ook graag die volgende medewerkers, alfabeties volgens US-omgewing:

**Biblioteek- en Inligtingsdiens:** Ellen Tise, Ilse de Lange

**Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe:** Florence de Vries

**Fasilitetsbestuur:** Nicolette van den Eijkel, dr Viljoen van der Walt, Japie Engelbrecht

**Finansies:** Manie Lombard, Liesel Grobbelaar, Caro Olivier

**Inligtingsoorsigbestuur:** Prof Ian Cloete, Anri Dorfling, Jan du Toit, Leon Eygelaar, René Robbertze, Jerall Toi

**Innovus:** Anita Nel, dr Madelein Kleyn, Brandon Paschal, Hanli Brink

**Kantoor van die Bedryfshoof:** Prof Stan du Plessis, Petro Mostert, Mariëtte Hanekom

**Korporatiewe Kommunikasie:** Dr Phumzile Mmope, dr Alec Basson, Susan van der Merwe, Marick Hornsveld, Martin Viljoen, Candes Keating, Desmond Thompson, Rozanne Engel, Elsabé Barlow, Sandra Mulder, Asiphe Nombewu, Stefan Els, Conita Henry

**Leer en Onderrig:** Prof Arnold Schoonwinkel, dr Antoinette van der Merwe, Jean Pretorius, Christelle Feyt, dr Celeste Nel, Marquard Timmey, Nolene Herman, Claudia Swart-Jansen van Vuuren, Arrie Hanekom, Anne Havemann-Serfontein, Michelle Swart, dr Gillian Arendse

**Maties Sport:** Ilhaam Groenewald, Dale Savel

**Navorsering, Innovasie en Nagraadse Studie:** Prof Eugene Cloete, Inge-Rae Scholtz

**Navoringsontwikkeling:** Maryke Hunter-Hüsselmann, Aasima Gafoor

**Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge:** Karen Bruns, Shaun Stuart, Vera Adams, Sarah Archer, Nicoline Coetzer, Anneke Müller, Ilse Arendse

**Registrateursafdeling:** Dr Ronel Retief, Beire Kramer, Ashmind Daniels, Lazelle Bonthuys, Liezel Matthee

**Regsdienste:** Gerhard Lipp

**Rektoraat:** Prof Wim de Villiers, dr Jerome Slamat, Wildré Kok, Chriszelda Adendorff

**Sosiale Impak, Transformasie en Personeel:** Prof Nico Koopman, Victor Mothobi, dr Pierre Viviers, dr Leslie van Rooi, Sello Molapo, Shibu Mamabolo, Carmen Paynter, Lieze-Carli Roux, Jan Knight, dr Craig Thompson, Greshne Davids, dr Jo-Ann Kirby, prof Matilda Burden, Johannes Adams, Ulrich Wolff, Kurt September, Ricardo Brecht, Natasha Coltman, Claire Kelly, Saartjie Botha, Bongani Mgijima, Tania Arrison, Joanne Williams, Ernestine Meyer-Adams, Renee Hector-Kannemeyer, Michelle Petersen, Jubelian Korkie, Marius Swart

**Strategie en Internasionalisering:** Prof Hester Klopper, Mohamed Shaikh, Hazel Alexander

**Strategiese Inisiatiewe:** Dr Barbara Pool

**Taalsentrum:** Dr Kim Wallmach, Marguerite van der Waal

**Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB):** Amber de Vries

**US Internasionala:** Robert Kotzé, prof Sarah Howie, dr Nico Elema, Anisa Khan, Ben Nel, Alecia Viljoen